# Die toepassing van herstellende geregtigheid as alternatief tot dissiplinêre optrede deur skole se beheerliggame

**Z DE KOKER - VAN DER SANDT**

**20508387**

Miniskripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir die graad *Magister Legum* in *Comparative Child Law* aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Me I Booysen

Augustus 2014

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit begin alles hier ™

**Inhoudsopgawe**

**Lys van afkortings** **iii**

**Opsomming** **iv**

**Abstract** **vi**

**1 Inleiding** **1**

**2 Die aard van herstellende geregtigheid** **5**

***2.1 Ontwikkeling van herstellende geregtigheid*** ***5***

*2.1.1 Historiese agtergrond* *5*

*2.1.2 Waarheids- en Versoeningskommissie* *6*

***2.2 Sentrale tema van herstellende geregtigheid*** ***7***

***2.3 Moderne verwysingsraamwerk*** ***10***

***2.4 Impak van herstellende geregtigheid op die herstel van verhoudings*** ***14***

***2.5 Ubuntu en die Afrika-filosofie vs. die Westerse gedagtegang*** ***19***

***2.6 Lesse uit die suksesse van die Wet op Beregting van Kinders*** ***25***

*2.6.1 Aard en inhoud van afwenteling* *27*

*2.6.2 Bestaande afwentelingsprogramme* *30*

2.6.2.1 Mentorskap en die "*National Youth Development Outreach* (NYDO)" 30

2.6.2.2 Wildernis-/Avontuurterapie en *Usiko* 32

**3 Huidige benadering tot skooldissiplinêre optrede** **36**

***3.1 Aard van dissipline*** ***36***

***3.2 Huidige dissiplinêre maatreëls in skole*** ***38***

*3.2.1 Gedragskode* *38*

3.2.1.1 Inhoud van 'n gedragskode 39

*3.2.2 Tydelike en permanente skorsing* *41*

3.2.2.1 Oogmerk van skorsing 42

***3.3 Samevattend*** ***43***

**4 Kritiese ontleding en regsvergelykende studie** **45**

***4.1 Navorsingsmetode*** ***45***

***4.2 Herstellende geregtigheid binne skoolverband in die Verenigde Koninkryk*** ***46***

***4.3 Herstellende geregtigheid binne skoolverband in Australië*** ***52***

*4.4 Herstellende geregtigheid binne skoolverband in Nieu-Seeland 54*
*4.5 Praktyke in Suid-Afrikaanse skole 56*

**5 Gevolgtrekking 60**

**Bibliografie 62**

*Literatuur 62*
*Regspraak 66*
*Wetgewing 66*
*Internasionale instrumente 66*
*Internetbronne 66*

## Lys van afkortings

| | |
|---|---|
| ADR | Alternatiewe Geskilbeslegting |
| CJA | Child Justice Act / Wet op Beregting van Kinders |
| CSVR | Centre for the Study of Violence and Reconciliation / Sentrum vir die Studie van Geweld en Versoening (SSGV) |
| IIRP | International Institute for Restorative Practices |
| NICRO | National Institute for Crime Prevention and Rehabilitation of Offenders |
| NIMRO | Nasionale Instituut vir die voorkoming van Misdaad en die Rehabilitasie van Oortreders |
| NSSB | National Safe Schools Framework |
| NYDO | National Youth Development Outreach |
| RaiS | Restorative Approaches in Schools |
| RJC | Restorative Justice Centre |
| SEAL | Social and Emotional Aspects of Learning |
| VSA | Verenigde State van Amerika |
| WVK | Waarheids- en Versoeningskommissie |

**Opsomming**

Hierdie skripsie stel 'n literatuurstudie daar en evalueer die haalbaarheid daarvan om herstellende geregtigheid uit te brei na skooldissiplinêre optrede in Suid-Afrikaanse skole. Dit neem ontwikkelinge in die onderwys in ag en identifiseer en spreek relevante tekortkominge daarin aan. Die uitbreiding van herstellende geregtigheid na skooldissiplinêre optrede stel ʼn nuwe denkwyse daar wat nog nie toegepas word in die siviele reg nie. In *Dikoko v Mokhatla* (2007 (1) BCLR 1 (KH)) het regter Sachs beslis dat enige remedie in die siviele reg die herstel van verhoudinge ten doel moet stel, eerder as straf. Kinders staan egter dikwels op ongelyke voet teenoor volwassenes wanneer dit kom by vervolging of straf en word aan uitermatige strafmaatreëls blootgestel, soos geïllustreer deur die *Dey*-sage (*Le Roux and Others v Dey* 2011 (3) SA 274 (KH)). Die implementering van herstellende geregtigheid as alternatief tot huidige skooldissiplinêre optrede kan lei daartoe dat oneweredige vlakke van vervolging beperk word.

Weens die universele aard van die onderwerp word daar regsvergelykend gekyk na die suksesvolle implementering van herstellende geregtigheidsprogramme in die Verenigde Koninkryk, Australië en Nieu-Seeland. Die onderskeie Onderwysdepartemente in hierdie lande sit proaktiewe strategieë vir die bestuur van leerders se gedrag uiteen. Nieu-Seelandse skole plaas veral klem op die toepassing van herstellende praktyke, eerder as skorsing, om die daarstelling van voordelige leeromgewings te verseker. Verder word ouers en gemeenskapslede se betrokkenheid aangemoedig deur *inter alia* die *National Safe Schools Framework* wat sedert 2003 in Australië toegepas word. Hierdie lande word lank reeds as leiers op die gebied van herstellende geregtigheid beskou.

Alhoewel hierdie studie nie in die geheel ʼn vergelykende studie daarstel nie, is die oorweging van internasionale tendense van uiterse belang weens die leiding wat dit aan skolebeheerliggame in Suid-Afrika kan bied. Die beginsel van herstellende geregtigheid het omvangryke internasionale ondersteuning ontvang te danke aan verskeie praktiese instrumente wat ontwikkel is deur die bogenoemde lande. Oorweging word geskenk aan sodanige internasionale perspektiewe ten einde te bepaal wat herstellende geregtigheid behels en hoe om dienooreenkomstig oor te gaan tot aksie in Suid-Afrika.

**Sleutelwoorde:** Herstellende geregtigheid; leerder; opvoeder; beheerliggaam; deelname; herintegrasie; afwenteling; wangedrag; skorsing

## Abstract

The application of restorative justice as an alternative to school disciplinary action taken by school governing bodies.

This dissertation evaluates the feasibility of extending restorative justice to school disciplinary action in South African schools. It considers developments in education and identifies relevant shortcomings before addressing them. The extension of restorative justice to school disciplinary action establishes a new way of thinking that has, until recently, not been applied to civil law. In Dikoko v Mokhatla (2007 (1) BCLR 1 (CC)) honourable justice Sachs ruled that any remedy applied in civil law must aim for the restitution of relationships, rather than punishment of the guilty party. Children are often on unequal footing compared to adults when it comes to prosecution or punishment and consequently they are exposed to excessive punitive measures, as illustrated by the Dey saga (Le Roux and Others v Dey 2011 (3) SA 274 (CC)). The implementation of restorative justice as an alternative to current school disciplinary action may result in limiting these excessive punishments.

Because of the universal nature of the subject a comparison will be made to the successful implementation of restorative justice programs in the United Kingdom, Australia and New Zealand. The various departments of education in these countries have developed proactive strategies for managing students' behaviour. In New Zealand, schools place particular emphasis on the use of restorative practices, rather than suspension, to ensure the establishment of beneficial learning environments. Furthermore, parents' and community members' involvement is encouraged by *inter alia* the National Safe Schools Framework, which has been implemented in Australia since 2003. These countries have long been regarded as leaders in the field of restorative justice.

It is of the utmost importance to consider international trends due to the guidance that it can offer school governing bodies in South Africa. The principle of restorative justice has received extensive international support due to various practical tools that have been developed by the above-mentioned countries. Therefore, these tools are considered in order to assist governing bodies in determining the way forward in South African schools.

**Keywords:** Restorative Justice; learner; educator; governing body; participation; reintegration; diversion; misconduct; suspension

## 1 Inleiding

Artikel 28 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*[1] bepaal dat die beste belang van kinders dié primêre oorweging sal wees in alle aangeleenthede rakende kinders. Hierdie standaard word ook weerspieël in artikel 6(2)(a) van die Kinderwet[2] wat bepaal dat daar tydens enige verrigtinge, aksies of besluite rakende kinders, aan die beste belang van die kind gehoor gegee moet word.

Met betrekking tot wangedrag in skole en die hantering daarvan op tradisionele vergeldende wyses, word geargumenteer dat die verwesenliking van die beste belang van die kind buite rekening gelaat word. Navorsing deur Reyneke stel voor dat ŉ nuwe benadering van herstellende geregtigheid uitvoering sal gee aan die beste belang van die kind-standaard.[3] Die skrywer sal vervolgens ondersoek instel rakende hoe die toepassing van herstellende geregtigheid as alternatief kan dien by die toepassing van dissiplinêre optrede deur skole se beheerliggame.

In die lig van artikel 28 van die Grondwet is dit noodsaaklik om alternatiewe vir die huidige dissiplinêre optrede deur skole se beheerliggame te oorweeg. Huidige dissiplinêre optrede kom neer op vergeldende beregting wat arbitrêr inbreuk maak op leerlinge se regte op toegang tot onderrig. As deel van die tradisionele vergeldende dissiplinêre maatreëls wat toegepas word, is skorsing (hetsy tydelik of permanent) steeds beheerliggame se primêre reaksie op ernstige wangedrag.

Op die oomblik moet enige dissiplinêre prosedures ingevolge die gedragskode, wat deur die beheerliggaam van die skool saamgestel word, uitgevoer word. Skole neem vergeldende beregting as uitgangspunt wanneer hierdie dissiplinêre beleide opgestel word. Tydelike en permanente skorsing in staatskole word in artikel 9 van die *Skolewet*[4] as die erkende metode van straf aangedui vir leerders wat ernstige wangedrag pleeg.

---

1 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.
2 *Children's Act* 38 van 2005.
3 Reyneke 2011 *PER* 128-171.
4 *Suid-Afrikaanse Skolewet* 84 van 1996 (hierna die *Skolewet*).

Die oortreder speel ŉ onaktiewe rol in hierdie proses en die slagoffer en gemeenskap se belange word nie in ag geneem nie. In *S v M*[5] het regter Sachs die belang van herstellende geregtigheid beklemtoon. Herstellende geregtigheid is ŉ waardegebaseerde benadering tot konfliksituasies. In *Dikoko v Mokhatla*[6] het regter Sachs hierdie waardes geïdentifiseer as deelname, herintegrasie, genesing en ontmoeting. Hy verduidelik dat ontmoeting, waarna hy ook verwys as dialoog, slagoffers en oortreders in staat stel om van aangesig tot aangesig te praat oor die skade wat aangerig is, en dat dit ŉ forum vir vergifnis en versoening skep. Bogenoemde is ongetwyfeld in die beste belang van die kind.

Wangedrag in skole lei dikwels daartoe dat slagoffers se reg op menswaardigheid aangetas word.[7] Afhangende van die situasie kan óf die opvoeder óf die leerder ŉ slagoffer wees. Daar is gevolglik verskillende kategorieë van slagoffers wat ondersoek moet word. Die wangedrag of skending van regte lei daartoe dat ŉ botsing van belange tussen die regte van die oortreder en die regte van die slagoffer ontstaan. Skelton is dit eens dat die toepassing van vergeldende beregting juis voortspruit uit die behoefte om die slagoffer se menswaardigheid te herstel.[8]

Nogtans is die genesing van slagoffers en die handhawing van dissipline ŉ toenemende probleem in Suid-Afrikaanse skole ten spyte van die gebruik van vergeldende strafmaatreëls.[9] Die doeltreffendheid van huidige strafmaatreëls word dus bevraagteken. In die geval van ŉ leerder wat byvoorbeeld tydelik geskors word weens die seksuele teistering van ŉ opvoeder is dit onseker of die skorsing van die leerder die herstel van die opvoeder se waardigheid verseker, en verder of die verhouding tussen die oortreder en die slagoffer werklik herstel word, veral in gevalle waar die slagoffer weer die oortreder moet onderrig.

In die uitgebreide literatuur oor herstellende geregtigheid en die toepassing daarvan in die strafreg, veral met verwysing na die *Wet op Beregting van Kinders,*[10] word slagoffer-oortreder dialoog as ŉ nuwe vorm van slagoffersteuning voorgestel. Dit

5 *S v M* 2007 2 SACR 539 (KH).
6 *Dikoko v Mokhatla* 2006 6 SA 235 (KH).
7 Reyneke 2011 *PER* 130.
8 Skelton 2010 *SAPR* 94-107.
9 Reyneke 2011 *PER* 135.
10 *Wet op Beregting van Kinders* 75 van 2008.

word beskou as ŉ wyse waarop woede en oordrewe gevoelens verminder word en wraaksugtige gevoelens uit die weg geruim kan word.[11]

Herstellende geregtigheid is dus ŉ vorm van beregting of dissiplinêre optrede wat oor die potensiaal beskik om weg te beweeg van tradisionele vergeldende metodes en die klem te plaas op wyses waardeur die regte van alle belanghebbendes beskerm en uitgebou kan word. Die suksesvolle implementering van herstellende geregtigheid in die strafreg, asook die moontlike uitbreiding daarvan na die onderwysreg, moet daarom dringend oorweeg word ten einde uitvoering te gee aan die vereistes van onder meer artikel 28 van die Grondwet.

In *Le Roux v Dey*[12] het herstellende geregtigheid op opspraakwekkende wyse in die Suid-Afrikaanse siviele reg ter sprake gekom. Die Konstitusionele Hof het gemeenregtelike remedies uitgebrei deur ŉ herstellende benadering te volg en te beveel dat die appellante ŉ onvoorwaardelike verskoning aan die respondent bied.[13]

Bogenoemde geval plaas Suid-Afrika aan die voorpunt van herstellende geregtigheidspraktyke in die siviele reg, veral met verwysing na lastersake. Hierdie ontwikkelinge asook die gepaardgaande kultuur van *ubuntu* is ŉ oproep vir die uitgebreide toepassing van herstellende geregtigheid in ander sfere van die siviele reg, waaronder skooldissiplinêre optrede deur beheerliggame. Laasgenoemde sal deurgaans ondersoek word.

Hoe die toepassing van herstellende geregtigheid as alternatief vir die toepassing van huidige dissiplinêre optrede deur skole se beheerliggame kan dien, kan net bepaal word deur sekere aspekte in die besonder te oorweeg. In die volgende hoofstukke sal die skrywer eerstens oorweging skenk aan die aard van herstellende geregtigheid, tweedens die huidige benadering tot skooldissiplinêre optrede, en laastens sal na praktiese voorbeelde van die toepassing van herstellende geregtigheid in ander regspraak verwys word.

---

11 Winkel ea 2010 *Acta Criminologica* 1-13.
12 *Le Roux and Others v Dey* 2011 3 SA 274 (KH) (hierna die *Dey*-saak).
13 *Le Roux and Others v Dey* 2011 3 SA 274 (KH) 10.

Ten einde enige regsprobleem op te los is dit van kritiese belang om te verstaan wat die omvang van die probleem is, wat die voorgestelde oplossing behels, en of sodanige oplossing prakties uitvoerbaar is. Aldus die bogenoemde uiteensetting. Dit sal immers sinneloos wees om ŉ alternatief vir dissiplinêre optrede voor te stel sonder dat die aard en inhoud daarvan duidelik beskryf word.

Indien die aard van herstellende geregtigheid oorweeg word moet daar op die historiese ontwikkeling daarvan gelet word. Dit word in hoofstuk 2.1 gedoen. Daarna volg ŉ bespreking van die sentrale tema van herstellende geregtigheid asook die moderne verwysingsraamwerk daarvan.

Die effek van herstellende geregtigheid is uiteindelik die restitusie van verhoudings. Dit sluit verder aan by die beginsel van *ubuntu,* wat wyd in Afrika-gemeenskappe toegepas word, en vorm die basis van die *Wet op Beregting van Kinders* wat in ooreenstemming met internasionale verwikkelinge op die gebied van jeugmisdadigheid is. Die bogenoemde sal onderskeidelik in hoofstukke 2.4, 2.5 en 2.6 bespreek word.

# 2 Die aard van herstellende geregtigheid

## *2.1 Ontwikkeling van herstellende geregtigheid*

### *2.1.1 Historiese agtergrond*

Die eerste bekende proses van herstellende geregtigheid was mediasie.[14] Daarna het ŉ stelsel van gemeenskapsmediasie gevolg, met verskeie projekte in die Verenigde State van Amerika[15] en Australië as voorbeelde daarvan.[16] Gemeenskapsmediasie was die eerste generasie van mediasie wat in die vroeë 1970's ontstaan het.[17] Dit was gemik op die mediasie van interpersoonlike dispute en die oplossing van konflik binne 'n gemeenskap.

Herstellende praktyke is verder beïnvloed deur tradisionele kulturele en sosiale gebruike van inheemse stamme. Hierdie tradisionele gebruike sluit in "*peacemaking circles*" van die Navajo-stam in die Suid-Weste van die VSA, *"healing circles"* wat deur die vroue van die Ojibwa-stam gebruik is, asook straftoemetingskringe wat in vonnisoplegging gebruik is.[18] Die bogenoemde invloede het herstellende geregtigheidskringe soos dit vandag toegepas word, tot gevolg gehad.

Herstellende geregtigheidskonferensies het hoofsaaklik op die gebied van jeugmisdadigheid en –welsyn ontwikkel. In Nieu-Seeland is familiekonferensies deur die *Children and Young Persons Bill*[19] van 1986 bekendgestel.[20] Hierdie model is kort daarna deur lande soos die VSA, Kanada, Engeland en Australië nagevolg.

Daar bestaan ŉ legio prosesse en praktyke wat binne die sfeer van herstellende geregtigheid ontwikkel het. Buiten mediasie, konferensies en kringe bestaan daar

---

14 McCold "The recent history of restorative justice" 25. Mark Yantzi het in 1974 van mediasie gebruik gemaak om twee tieners met hul slagoffers te versoen na die vandalisering van hul eiendom. Die sukses daarvan het gelei tot die eerste slagoffer-oortreder rekonsiliasieprogram of sogenaamde "Kitchener eksperiment" in Ontario, Kanada.

15 Hierna die VSA.

16 McCold "The recent history of restorative justice" 25.

17 McCold "The recent history of restorative justice" 23.

18 McCold "The recent history of restorative justice" 28-30.

19 Die *Children and Young Persons Bill* is later aanvaar as die *Child, Young Persons and Their Families Act* 24 van 1989.

20 McCold "The recent history of restorative justice" 30-35.

talle programme, soos mentorskap, wat uit bogenoemde ontwikkel het en terselfdertyd aan die vereistes van herstellende geregtigheid voldoen.[21]

### *2.1.2 Waarheids- en Versoeningskommissie*

As gevolg van jarelange konflik in Suid-Afrika tydens die apartheidsera het die partye tot die pre-1994 onderhandelingsproses ooreengekom dat ŉ Waarheids- en Versoeningskommissie[22] gestig moes word. Die WVK het ten doel gehad om die uitdagings van die nuwe demokrasie te oorkom deur die geweld van die verlede in ag te neem, te erken en daardeur die toekoms met vergifnis aan te pak.[23]

Binne twee jaar na die eerste demokratiese verkiesing in 1994 is hierdie Kommissie gevestig. Die WVK se benadering tot konflikhantering word algemeen aanvaar as ŉ herstellende geregtigheidsbenadering.[24] Dit was ŉ waterskeidende gebeurtenis in die ontwikkeling van ŉ nie-gewelddadige benadering tot kriminologie-vraagstukke en die bewerkstelliging van vrede.[25] Die WVK was ŉ ongeëwenaarde poging om die waarde van kommunikasie in die aanpak van ŉ nuwe begin te beklemtoon. Die visie van ŉ nuwe manier van handel met gruweldade uit die verlede was vir die wêreld ŉ hoopvolle simbool van morele vooruitgang.[26] Versoening is beskou as die sleutel tot ŉ waarlik vreedsame samelewing.

Die WVK was in ooreenstemming met die beginsels en vereistes van herstellende geregtigheid. Dit het probeer om met die slagoffers van die konflik sowel as oortreders te handel deur nie bloot op ŉ skikking toegespits te wees nie, maar op die oorsake van geweld ten einde herhaling te voorkom.[27] Die amnestieproses was bedoel om te verseker dat oortreders die waarheid vertel en verantwoordelikheid vir

---

21 United Nations Office on Drugs and Crime 2006 www.unodc.org/pdf/criminal-justice/06-56290_Ebook.pdf.
22 Hierna die WVK.
23 Maepa "The Truth and Reconciliation Commission as a Model of Restorative Justice" Hoofstuk 6.
24 Maepa "The Truth and Reconciliation Commission as a Model of Restorative Justice" Hoofstuk 6.
25 Jakopovich 2011 *Peace Studies Journal* 51.
26 Jakopovich 2011 *Peace Studies Journal* 52.
27 Maepa "The Truth and Reconciliation Commission as a Model of Restorative Justice" Hoofstuk 6.

hul dade aanvaar. Daar is verder ook deur die WVK aanbeveel dat dienste aan die slagoffers gelewer moes word wat restitusie daar sou stel.[28]

Die WVK is beskou as 'n integrale deel van die oorgangsproses na ŉ volle en vrye demokrasie in Suid-Afrika en, ten spyte van 'n paar bedenkinge, is dit oor die algemeen as 'n baie suksesvolle Kommissie beskou.[29]

## *2.2 Sentrale tema van herstellende geregtigheid*

Verskeie definisies van herstellende geregtigheid kom in amptelike dokumente en literatuur voor. Volgens die *United Nations Handbook on Restorative Justice Programmes* is herstellende geregtigheidspraktyke:[30]

> ... any process in which the victim and the offender, and where appropriate any other individuals or community members affected by a crime, participate together actively in the resolution of matters arising from the crime, generally with the help of a facilitator.

Die breër oogmerke van herstellende geregtigheid sluit in versoening en genesing van partye, wat gewoonlik ŉ diepsinniger benadering en die bemagtiging van primêre deelnemers vereis.[31] Die herstel van verhoudings sluit aan by die ingesteldheid dat herstellende geregtigheid ŉ toekomsgerigte benadering tot konflikhantering daarstel. Dit is gemik op die versekering van volhoubare verhoudings nadat alle negatiewe elemente uit die weg geruim is. Dit het tot gevolg dat voorvalle nie sonder meer herhaal word nie aangesien die oortreder deur versoening meer geredelik "gerehabiliteer" word.[32]

Die prosesse wat met herstellende geregtigheid gepaardgaan is gemik op die bemagtiging van slagoffers, die herintegrasie en verantwoordbaarheid van oortreders, asook die aanmoediging van burgers wat oor die nodige forums beskik

---

28 Maepa "The Truth and Reconciliation Commission as a Model of Restorative Justice" Hoofstuk 6.

29 Jason le Grange 2014 http://www.ejournalncrp.org/the-truth-and-reconciliation-commission-did-it-fail-to-resolve-conflict-between-south-africans/.

30 United Nations Office on Drugs and Crime 2006 www.unodc.org/pdf/criminal-justice/06-56290_Ebook.pdf.

31 United Nations Office on Drugs and Crime 2006 www.unodc.org/pdf/criminal-justice/06-56290_Ebook.pdf.

32 United Nations Office on Drugs and Crime 2006 www.unodc.org/pdf/criminal-justice/06-56290_Ebook.pdf.

om veilige, vreedsame en vooruitstrewende gemeenskappe te bou. Herstellende geregtigheid bied aan gemeenskappe ŉ geleentheid om die vaardighede en die morele basisse waarop dit gegrond is, te ontwikkel en in die toekoms soortgelyke gedrag of oortredings te voorkom.

Die kernelemente van herstellende geregtigheid is, soos reeds genoem, in die *Dikoko*-beslissing geïdentifiseer as ontmoeting, herstel, herintegrasie en deelname.[33] Ontmoeting verwys na dialoog en die instaatstelling van slagoffers en oortreders om op ŉ openhartige en eerlike manier te praat oor die leed wat veroorsaak is, asook oor hoe die partye in die toekoms oor die weg sal kom. Die klem verskuif dan na die herstel van die skade wat aangerig is eerder as die uitdeel van straf.[34] Herintegrasie in die gemeenskap is grootliks afhanklik van gemeenskaplike respek vir en toewyding aan mekaar. Deelname veronderstel ŉ informele ontmoeting wat alle geaffekteerde partye in die gemeenskap toelaat om aan die proses deel te neem.[35]

Herstellende geregtigheid handel daaroor om die behoeftes en trauma van beide slagoffers en oortreders op so ŉ wyse aan te pak dat albei partye, sowel as die gemeenskappe waarvan hulle deel uitmaak, genees word.[36]

McCold en Wachtel definieer herstellende geregtigheid as ŉ metode om skade te herstel wat aan mense en verhoudings gerig is, eerder as om oortreders te straf.[37] Volgens hulle vereis geregtigheid sover moontlik die herstel van skade. Dit is hierdie grondslag wat deur McCold en Wachtel gelê is wat tot die sogenaamde "*Social Discipline Window*" gelei het. Dit is ŉ herstellende geregtigheidsmodel wat wegbeweeg van die tradisionele benadering van straf. Tradisioneel word daar geglo dat hoe meer mense gestraf word, hoe kleiner is die kanse dat hulle dieselfde gedrag sal herhaal. Die beweegrede vir die *Social Discipline Window* is egter die oortuiging dat hoe sterker die verhoudings tussen mense is, hoe minder sal hulle geneig wees om onvanpas teenoor mekaar op te tree.

---

*33* *Dikoko v Mokhatla* 2006 6 SA 235 (KH) 114*.*
34 *Dikoko v Mokhatla* 2006 6 SA 235 (KH) 114.
35 *Dikoko v Mokhatla* 2006 6 SA 235 (KH) 114.
36 Batley "Restorative Justice in the South African Context" Hoofstuk 2.
37 Batley "Restorative Justice in the South African Context" Hoofstuk 2.

Die *International Institute for Restorative Practices* (IIRP) lei talle opvoeders wêreldwyd op in die beginsels en praktiese toepassing van herstellende geregtigheid in skole. Hulle opleiding is gegrond op die teorieë van McCold en Wachtel, in besonder hulle *Social Discipline Window*.[38]

Die model moedig opvoeders aan om verder te dink as die tradisionele vergeldingsreaksie op leerders se wangedrag in die klaskamer, deur eerder op ŉ meer betrokke wyse saam met die leerders te werk ten einde 'n moeilike situasie op te los. Oor die algemeen sal leerders wat aan bestraffende dissiplinêre maatreëls onderwerp word, hulleself as slagoffers beskou. Dit kan veroorsaak dat hulle nie volle verantwoordelikheid vir hul dade aanvaar nie, maar dit eerder probeer vermy.[39] Die proses van herstellende geregtigheid betrek leerders daarenteen op ŉ sinvolle wyse sodat hulle verantwoordelikheid vir hul optrede aanvaar en leer uit hulle swak besluite en/of optrede.

Die *Social Discipline Window* veronderstel dat daar vier moontlike reaksies op wangedrag bestaan, naamlik ŉ bestraffende reaksie, ŉ toegeeflike houding, ŉ nalatige houding en ŉ herstellende ingesteldheid.[40] Daar moet vervolgens deur opvoeders gestreef word om sover moontlik voldoende dissipline op ŉ herstellende wyse in die klaskamer te handhaaf, wat nie op vergeldende beregting of die verwaarlosing van leerders neerkom nie.

Tans vind wangedrag plaas binne ŉ sosiale konteks waar geregtigheid grootliks beskou word as ŉ regsorde waarvolgens mense as objekte beskou word, en die klem val op gedrag en die beheer daarvan.[41] Hierdie siening het tot gevolg dat skole *quasi* geregtelike benaderings tot die bestuur van wangedrag aanvaar.[42] Hierdie benaderings is soortgelyk aan bestaande Westerse strafregstelsels. Herstellende geregtigheid plaas daarteenoor die klem op inherente regte, waar die welstand van elke betrokkene op die voorgrond geplaas word, eerder as op ŉ regsorde. Dit is ŉ breër perspektief wat op sosiale geregtigheid toegespits is.

38 Vaandering "A Window On Relationships" 1.
39 Corey 2013 https://ssa.uchicago.edu.
40 Vaandering "A Window On Relationships" 2.
41 Wong "Developing Restorative Justice for Juvenile Delinquents in Hong Kong" 1.
42 Vaandering "A Window On Relationships" 3.

Daar bestaan kritiek teen die *Social Discipline Window*. Vaandering is van mening dat die model op gedrag (eerder as op welstand) toegespits is, en dat die gebruik van woorde soos "dissipline" nie binne die raamwerk van herstellende geregtigheid val nie, maar eerder binne die perspektief van geregtigheid as ŉ regsorde.[43] Wat egter duidelik is, is dat daar ooreenstemming bestaan tussen beide McCold en Wachtel sowel as kritici soos Vaandering oor wat die inhoud van ŉ herstellende geregtigheidsmodel behoort te behels.

Alhoewel sekere skrywers dit nie eens is dat die *Social Discipline Window* herstellende geregtigheid daarstel nie, poog McCold en Wachel om ŉ model te skep wat binne die universele perspektief van herstellende geregtigheid val en dien as ŉ waardegebaseerde oplossing vir die onderliggende toestande wat skade genereer. Of hierdie model suksesvol is in die verwesenliking daarvan, is ŉ vraag wat nie hier van belang is nie.

Wat wel van belang is, is om die inhoud van herstellende geregtigheid krities te ontleed. Ondersoek moet ingestel word na waaruit herstellende geregtigheidspraktyke ontstaan het, watter verwysingsraamwerk gebruik word, asook wie se belange daardeur gedien word.

### *2.3 Moderne verwysingsraamwerk*

Volgens Mackay het herstellende geregtigheidspraktyke ontwikkel tot op 'n stadium waar dit nodig geraak het om dit te herdefinieer.[44] Tans is daar ŉ reeks praktyke wat saam onder die vaandel van herstellende geregtigheid gegroepeer is. Sommige van hierdie praktyke het uiteenlopende en selfs onversoenbare oogmerke.[45] ŉ Mate van oorkruisbeïnvloeding en hibridisering van praktyke het plaasgevind.

Herstellende geregtigheid word geag beide slagoffer-oortreder restitusie en waarheids- en versoeningskommissies in te sluit, maar tog is hierdie praktyke in wese verskillend. In die geval van slagoffer-oortreder restitusie word van die

43 Vaandering "A Window On Relationships" 7.
44 Mackay "An Ethical Justification for the Theory of Law as Peacemaking" 73.
45 Mackay "An Ethical Justification for the Theory of Law as Peacemaking" 76.

oortreder verwag om die skade wat hy/sy aangerig het, te herstel.[46] In die meeste gevalle sal dié herstel die oortreder vrywaar van enige straf of sanksie wat hom/haar ingevolge die strafreg sou toekom.[47]

Die siviele element van die slagoffer se regte word herstel en alhoewel die strafregtelike prosedures oorbrug word, word nie daarmee weggedoen nie.[48] Daar word binne die voorwaardes en grense van die strafreg bepaal hoe hierdie prosedures oorbrug word, daarom word slagoffer-oortreder restitusieprogramme beskou as geïntegreer met die strafreg en komplementeer dit die doelwitte van die strafreg, naamlik die rehabilitasie van oortreders en die onderskraging van gemeenskapswaardes.[49]

Waarheids- en versoeningskommissies, skort daarenteen die werking van die strafregstelsel op deurdat slagoffers afstand moet doen van die regsremedies wat vir hulle beskikbaar is.[50] Die Kommissie vereis bloot dat die oortreder ŉ eerlike erkenning maak.[51] Daar mag ook ŉ simboliese handeling teenoor die slagoffer vereis word, maar sodanige handeling sal nie ŉ toepaslike oorweging wees nie.

Wat wel toepaslik is, is nie die herstel van die slagoffer se regte nie, maar die regstelling van die oortreding soos ervaar deur die gemeenskap as geheel. Waarheids- en versoeningskommissies stel ŉ stelsel van afwenteling daar, waarvolgens die vervolgingsmaatstaf vervang word met ŉ wetlike reëling wat sosiale versoening hoër ag as individuele skikking en verantwoordbaarheid voor die reg.[52]

Daar is verskeie ander wyses waarop die uiteenlopende doelwitte van die onderskeie herstellende geregtigheidspraktyke geïllustreer kan word. In die bogenoemde voorbeelde is verwys na skadestigtende gebeurtenisse wat as oortredings ingevolge die strafreg beskou sal word. Tog het herstellende geregtigheid reeds deurgesypel na die siviele sfeer en vind dit ook toepassing buite

46 Niemeyer en Shichor 1996 *Federal Probation Journal* 30.
47 Mackay "An Ethical Justification for the Theory of Law as Peacemaking" 76.
48 Reimund 2004 *Drake Law Review* 671.
49 Mackay "An Ethical Justification for the Theory of Law as Peacemaking" 76.
50 Allen 2013 *The University of Toronto Law Journal* 326.
51 Mackay "An Ethical Justification for the Theory of Law as Peacemaking" 77.
52 Mackay "An Ethical Justification for the Theory of Law as Peacemaking" 77.

die strafreg.[53] In die siviele reg word daar beoog om die betrokke kinders met mekaar te versoen. In die strafreg is die oogmerk van herstellende gebruike nie net die herstel van verhoudings nie, maar die beskerming van die kinders teen kriminele rekords.[54]

Herstellende geregtigheidspraktisyns handel gewoonlik met die herstel van skade en die restitusie van verhoudings. Daar bestaan nie ooreenstemming oor die vraag of herstellende geregtigheidsprogramme wat met materiële herstel van skade gemoeid is, in der waarheid herstellende geregtigheidsprogramme daarstel nie.[55] Binne die herstellende geregtigheidsbeweging word geargumenteer dat daar nie gefokus moet word op die oogmerk van materiële herstel nie, maar eerder op die restitusie van die driedimensionele verhouding tussen slagoffer, oortreder en die gemeenskap.[56]

Voorstanders van herstellende geregtigheid het lank reeds die strafreg as hul vernaamste verwysingsraamwerk. Dit is stelselmatig uitgebrei na die siviele reg en meer spesifiek die onderskeie sfere van onderrig, arbeidsreg, burereg, behuisingsreg en internasionale betrekkinge. Die uitbreiding van herstellende geregtigheid na die siviele reg is as ŉ noodsaaklikheid beskou in *Le Roux v Dey.*[57] Die behoefte aan ŉ waardegedrewe alternatief tot skadevergoeding, wat toegespits is op die herstel van skade sowel as die restitusie van verhoudings, is deur regters Froneman en Cameron geïdentifiseer as die motivering vir herstellende geregtigheid se deursypeling na die siviele reg.[58]

Daar word nietemin dikwels misken dat die siviele sfeer lank reeds ŉ parallelle beweging het wat met verhoudingsaspekte in konflikhantering handel, naamlik alternatiewe geskilbeslegting.[59] Mackay is dit eens dat herstellende geregtigheid meer geredelik as ŉ voorbeeld van ADR kan dien, as wat ADR onder die vaandel van herstellende geregtigheid gekoöpteer kan word.[60] Die rede hiervoor is dat die

---

53 Wright "Restorative Justice in Europe and Beyond" 3-4.
54 A 43(h) van die *Wet op Beregting van Kinders* 75 van 2008.
55 Mackay "An Ethical Justification for the Theory of Law as Peacemaking" 77.
56 Neser 2001 *Crime Research in South Africa* 5.
57 *Le Roux and Others v Dey* 2011 3 SA 274 (KH).
58 *Le Roux and Others v Dey* 2011 3 SA 274 (KH) 197.
59 Hierna verwys as ADR.
60 Mackay "An Ethical Justification for the Theory of Law as Peacemaking" 78.

doelwitte van ADR, ten spyte van sekere ooreenkomste, nie te alle tye versoen kan word met dié van herstellende geregtigheid nie.[61]

Herstellende geregtigheid omskryf ŉ sosiale beweging wat daarop gemik is om vreedsame benaderings tot probleemoplossing of konflikhantering te institusionaliseer. Eerder as om voorkeur aan die reg te verleen, betrek professionele persone en die staat die persone wat skade ly, asook oortreders en die gemeenskap, om oplossings te vind wat versoening en herstel van verhoudings teweegbring.[62]

Herstellende geregtigheid is daarop gemik om gemeenskaplike verantwoordelikheid te ontwikkel en in die loop van die proses te verseker dat oortredings van regte deur konstruktiewe reaksies aangepak word. Anders as in die geval van ADR, beoog dit ŉ gebalanseerde benadering tot die behoeftes van slagoffers, oortreders en die gemeenskap deur prosesse wat as waardegedrewe bestempel word.[63]

Die *Community Dispute Resolution Trust* en die *Community Peace Foundation* in die Wes-Kaap is voorbeelde van herstellende geregtigheidsinisiatiewe in Suid-Afrika wat met behulp van alternatiewe geskilbeslegting funksioneer.[64] Herstellende geregtigheid verskil van ADR in die opsig dat die doelwitte daarvan meer gespesialiseerd is. ADR verwys na alle vorme van geskilbeslegting wat nie litigasie insluit nie. ADR bied die geleentheid om dispute of konflik op ŉ wyse op te los wat in sekere situasies gepas is.

ADR het onlangs ontwikkel in meer as bloot ŉ alternatief tot litigasie; dit is ŉ proses wat so ontwerp word dat dit die beste moontlike oplossing bied vir die probleem en die partye. Die doel van ADR is om oorvol hofrolle te voorkom, tyd en koste te

---

61 Peter Condliffe as quoted in the Final Report of the Victorian Parliament Law Reform Committee *Inquiry into alternative dispute resolution and restorative justice* 10-11.

62 Victorian Parliament Law Reform Committee *Inquiry into alternative dispute resolution and restorative justice* 292.

63 Victorian Parliament Law Reform Committee *Inquiry into alternative dispute resolution and restorative justice* 292.

64 Naude, Prinsloo en Ladikos 2003 *Acta Criminologica* 2.

bespaar, gemeenskapsbetrokkenheid te verhoog, toegang tot die reg te bevorder, en om meer effektiewe geskilbeslegting te voorsien.[65]

Wanneer die onderskeie herstellende geregtigheidsprosesse beskou word, sal dit duidelik blyk dat hierdie prosesse[66] deel vorm van die oorhoofse tema van nievyandige benaderings tot geregtigheid. So ook alternatiewe geskilbeslegting.[67] Wat herstellende geregtigheid nietemin duidelik onderskei van ander vorms van ADR, is die diepgesetelde aard van versoening.

Daar word tydens ADR op die oplossing van ŉ bestaande geskil gefokus, terwyl ŉ geskil selde nog bestaan op die stadium wanneer partye ooreenkom op die gebruik van herstellende geregtigheidspraktyke.[68] Hoewel ADR streef na die beste moontlike oplossing, strek herstellende geregtigheid selfs verder en vereis die versoening van partye ten einde volhoubare en vooruitstrewende verhoudings binne die gemeenskap te verseker. Herstellende geregtigheid handel derhalwe eerder oor die versoening van die partye as die oplossing van ŉ geskil.[69]

### *2.4 Impak van herstellende geregtigheid op die herstel van verhoudings*

Tydens die eerste vlaag van gemeenskapsmediasie in die VSA het Randy Barnett van Harvard Universiteit ŉ paradigma van geregtigheid voorgestel wat gebaseer is op suiwer restitusie sonder enige vergeldende of bestraffende voornemens.[70] Dit het ŉ paradigmaskuif in die reg vereis. Westerse regsfilosofieë het lank reeds vereis dat enige geregtigheid net tesame met die toedien van straf kan geskied. Herstellende geregtigheid het die Westerse wêreld se aandag gevestig op praktyke wat spesifiek poog om vergelding teë te werk.

65 Pretorius *Dispute Resolution* 2-8.
66 Soos *inter alia* slagoffer-oortreder dialoog/mediasie en familie konferensies.
67 Victorian Parliament Law Reform Committee *Inquiry into alternative dispute resolution and restorative justice* 11.
68 Victorian Parliament Law Reform Committee *Inquiry into alternative dispute resolution and restorative justice* 11. Herstellende geregtigheid word dikwels in die strafreg toegepas waar die oortreder reeds skuldig gepleit het, dus is daar geen sprake van ŉ hangende dispuut nie.
69 Victorian Parliament Law Reform Committee *Inquiry into alternative dispute resolution and restorative justice* 11.
70 McCold "The recent history of restorative justice" 25.

Op die gebied van herstellende geregtigheid vorm dialoog tussen die slagoffer en oortreder ŉ krities belangrike bestanddeel van die uiteindelike herstel van die verhouding tussen die partye. Dié dialoog impliseer ŉ ontmoeting tussen die slagoffer en oortreder ten einde van aangesig tot aangesig oor die skadeveroorsakende gebeurtenis te besin. Dit word toenemend as ŉ vorm van slagofferondersteuning beskou.[71]

Slagoffer-oortreder dialoog word beskou as ŉ instrument waardeur woede en gevoelens van weerwraak onder slagoffers gedemp word.[72] Sherman se studie rakende die effek van ŉ verskoning het getoon dat slagoffers se gevoelens van woede en wraaksug aansienlik afneem nadat hulle tydens so ŉ ontmoeting ŉ opregte verskoning van die oortreder ontvang het.[73] Die geldigheid van sodanige studies is nietemin problematies en die bevindings omstrede.

In die *Dey*-saak is die appellante beveel om ŉ onvoorwaardelike verskoning aan die respondent te bied.[74] Ten spyte van die mylpaal wat hierdeur bereik is, deur die uitbreiding van herstellende beginsels na die siviele reg, kan die sukses van sodanige bevel tog bevraagteken word.

Die appellante[75] is deur die respondent[76] in die Noord-Gautengse Hoë Hof gedagvaar vir die vergoeding van beweerde skade aan sy eer en waardigheid sowel as sy goeie naam nadat ŉ lasterlike foto op die skoolkennisgewingbord geplaas is. Dié deliktuele aanspreeklikheid van die leerders is verder deur dr. Dey vereis nadat die leerders reeds strafregtelik vervolg is en beveel is om, ingevolge ŉ afwentelingsprogram gemeenskapsdiens uit te voer.[77]

Die leerders is ook deur die skoolbeheerliggaam gedissiplineer en is onder meer detensie opgelê vir hulle optrede, en is uit alle leiersposisies geskors.[78] Voorafgaande aan die litigasieproses het die tweede en derde applikante die

71 Winkel ea 2010 *Acta Criminologica* 1.
72 Winkel ea 2010 *Acta Criminologica* 1.
73 Sherman and Strang 2009 *Acta Criminologica* 7.
74 *Le Roux and Others v Dey* 2011 3 SA 274 (KH).
75 Die verweerders in die *hof a quo* en leerders van ŉ vooraanstaande hoërskool in Pretoria.
76 Die eiser in die *hof a quo* en onderhoof van die skool, dr. L. Dey.
77 *Le Roux and Others v Dey* 2011 3 SA 274 (KH) 19.
78 *Le Roux and Others v Dey* 2011 3 SA 274 (KH) 18.

skoolhoof genader om verskoning vir hul optrede te vra (wat die skoolhoof aanvaar het), maar dr. Dey het geweier om die leerders te woord te staan of enige verskonings aan te hoor.

Na afloop van langdurige litigasie in die Hoë Hof, Hoogste Hof van Appèl en uiteindelik die Konstitusionele Hof, het regter Cameron op appèl beslis dat die ontwikkeling van die Romeins-Hollandse Reg onaanvaarbaar is in soverre dit nie voorsiening maak vir die aanbied van ŉ verskoning as remedie nie.[79] Die howe kon tot dusver nie beveel dat ŉ verskoning aangebied word ten einde ŉ slagoffer se menswaardigheid of skade te herstel nie, selfs al is dit onder sekere omstandighede (soos in die *Dey*-saak) die mees effektiewe remedie.

Die appellante is beveel om ŉ onvoorwaardelike verskoning aan die respondent te bied, maar na afloop van strawwe litigasieprosedures wat bykans vyf jaar geduur het, kon die opregtheid van so ŉ verskoning nie gewaarborg word nie. Die leerders was bereid om direk na afloop van die voorval ŉ verskoning aan dr. Dey te bied, wat in alle waarskynlikheid opreg sou wees. Indien dr. Dey hul verskoning toe reeds aanvaar het sou litigasie oorbodig gewees het en sou hy koste en enige verdere negatiewe publisiteit kon vermy.

Herstellende geregtigheid kan nie as ŉ nagedagte toegepas word nie. In *Le Roux v Dey* was die skade aan die partye se verhouding reeds onherstelbaar toe die Konstitusionele Hof ŉ verskoning deur die appellante beveel het. Indien herstellende praktyke op skoolvlak deel van die beheerliggaam se dissiplinêre prosedure gevorm het, kon die partye voor litigasie met mekaar versoen geraak het en sou dr. Dey se waardigheidsgevoel grootliks en spoedig kon herstel. Slagoffer-oortreder mediasie word immers beskryf as ŉ proses wat slagoffers bystaan om negatiewe emosionele ervarings en viktimisasie te oorkom.[80]

ŉ Verdere negatiewe emosionele reaksie op traumatiese gebeurtenisse is dikwels posttraumatiese stressindroom. Dit is ŉ algemene reaksie op traumatiese

79 *Le Roux and Others v Dey* 2011 3 SA 274 (KH) 195.
80 Winkel ea 2010 *Acta Criminologica* 2.

gebeurtenisse soos aanranding of seksuele teistering.[81] Slagoffers ervaar dikwels simptome waaronder herlewing van die gebeurtenis, herhaalde en ongewenste indringende gedagtes en emosionele afstomping. Woede is ŉ verdere reaksie op trauma.[82] Dit dui op die slagoffer se onvermoë om die gebeurtenis te verwerk, asook 'n behoefte aan emosionele ondersteuning.[83]

Herstellende geregtigheid bied ondersteuning aan slagoffers deurdat dit die aandag verskuif vanaf die oortreder se straf na die vrywillige herstel en genesing van die slagoffer. Dit is om hierdie rede dat herstellende geregtigheidspraktyke vorms van mediasie, konferensies en vonnisopleggingskringe insluit.[84] Dit is ŉ proses waartydens partye met ŉ belang by ŉ spesifieke oortreding saam besin oor hoe om met die gevolge van ŉ oortreding te handel en die implikasies daarvan te beperk.[85]

Daar bestaan verskeie modelle wat fokus op die rol van ŉ verskoning as noodsaaklike meganisme vir die vermindering van woede in slagoffers. Die model deur Sherman omskryf word gekonseptualiseer as ŉ ritueel van wisselwerking waardeur blootstelling aan die oortreder in ŉ veilige omgewing, asook die aanbieding van ŉ opregte verskoning, ŉ helende effek op die slagoffer het.[86] Die sukses van die dialoog is egter afhanklik aan die voorwaarde dat daar ŉ verstandhouding tussen die slagoffer en die oortreder gevestig word.[87]

In die Catharsis-model van slagoffer-oortreder mediasie word ŉ verskoning se terapeutiese potensiaal beskou as deel van ŉ omvattender proses waarin die oortreder die slagoffer se emosies erken.[88] Pemberton, Winkel en Groenhuijsen erken ook die rol wat ŉ verskoning kan speel.[89] Daar word egter deur hulle kommer uitgespreek oor die effek van ŉ onopregte verskoning op die posttraumatiese woede

81 Winkel ea 2010 *Acta Criminologica* 1.
82 Winkel ea 2010 *Acta Criminologica* 2.
83 Winkel ea 2010 *Acta Criminologica* 2.
84 Mediasie, konferensies en vonnisopleggingskringe het ontwikkel in onder meer die VSA, Nieu-Seeland en Australië, soos in Hoofstuk 2.1.1 uiteengesit, en vorm ŉ belangrike deel van hededaagse herstellende geregtigheidspraktyke.
85 Winkel ea 2010 *Acta Criminologica* 2.
86 Winkel ea 2010 *Acta Criminologica* 2.
87 Daar kan duidelik in die *Dey*-saak gelet word op die afwesigheid van sodanige verstandhouding. Enige verstandhouding tussen die partye is onmoontlik gemaak deur die adversatiewe aard van litigasie.
88 Winkel ea 2010 *Acta Criminologica* 2.
89 Winkel ea 2010 *Acta Criminologica* 3.

wat deur die slagoffer ervaar word.[90] ŉ Onopregte verskoning kan ŉ slagoffer verbitterd laat en werk die doelwitte van herstellende geregtigheid direk teë.

Dr. Dey sou waarskynlik nie die leerders se verskoning as opreg ervaar het na afloop van litigasie nie. Die leerders sou na afloop van uitmergelende litigasie en verskeie fasette van straf nie noodwendig van voorneme wees om ŉ opregte verskoning aan te bied nie, veral aangesien die leerders reeds voor die aanvang van die litigasie bereid was om dr. Dey verskoning te vra. Indien herstellende geregtigheid vanuit die staanspoor in *Le Roux v Dey* toegepas is,[91] sou ŉ verskoning van die leerders op so ŉ wyse bestuur kon word dat dit die gewenste uitkoms tot gevolg sou hê, naamlik versoening van die partye.

Daar word dikwels na herstellende geregtigheid verwys as ŉ vrywillige proses. Dit stel nietemin ŉ ernstige uitdaging aan die reg. Beide die reg en herstellende geregtigheid het as kernelement die uitgangspunt dat sommige vorms van skade verpligtinge op burgers plaas om dit te voorkom, en insgelyks op oortreders om dit te herstel. In gevalle waar die nakoming of uitvoering van straf ingevolge vergeldende regprosesse verpligtend is, kan dit insgelyks nie vir oortreders ŉ opsie wees om herstellende ooreenkomste nie na te kom nie.[92] Die opregtheid van ŉ verskoning sal daarom nie maklik vasgestel kan word nie.

Sherman het tot die gevolgtrekking gekom dat woede deur slagoffers ervaar, spesifiek 'n begeerte of drang tot gewelddadige weerwraak teenoor die oortreder, deurlopend en tot ŉ groot mate verminder word deur die blootstelling van daardie slagoffers aan ŉ aangesig-tot-aangesig ontmoeting.[93] Hierdie ontmoeting, tesame met die toegewyde leiding van ŉ mediator of fasiliteerder, verseker ŉ dieper, meer intensiewe ervaring wat daartoe kan lei dat die partye wel ŉ verstandhouding vestig en mekaar se emosies erken. In so ŉ geval sal ŉ verskoning meer waarskynlik as opreg ervaar word.

90 Winkel ea 2010 *Acta Criminologica* 3.
91 *Le Roux and Others v Dey* 2011 3 SA 274 (KH).
92 Mackay "An Ethical Justification for the Theory of Law as Peacemaking" 79.
93 Winkel ea 2010 *Acta Criminologica* 4.

Buiten daarvoor dat die opregtheid van verskonings moeilik bepaalbaar is, is dit onduidelik of enige van die resultate van Sherman se studies akkuraat is. Die moontlikheid bestaan dat die positiewe resultate van Sherman se studies nie as gevolg van die voordele van herstellende geregtigheid is nie, maar dat dit voortspruit uit die vermyding van die nadelige en vermoeiende prosesse van die tradisionele strafregstelsel.

Soos hierbo bespreek, word ŉ paradigmaskuif vereis ten einde van die tradisionele strafregstelsel weg te beweeg. In verskeie Afrikalande bied die inheemse reg die basis wat nodig is om die paradigmaskuif wat Randy Barnett in 1977 voorgestel het, binne die reg te maak.[94] In hierdie Afrikalande is die hoofdoel van die inheemse reg die rekonsiliasie van die oortreder en slagoffer.[95] Die onderliggende doel, beproef deur eeue heen, is om ŉ gevoel van geregtigheid tussen disputante te verseker en sodoende sosiale verantwoordelikheid te herstel en te onderhou.[96]

### *2.5 Ubuntu en die Afrika-filosofie vs. die Westerse gedagtegang*

Die eerste en bekendste verwysing na *ubuntu* was in *S v Makwanyane.*[97] Regter Mokgoro het na die begrip *ubuntu* verwys as ŉ kultuur waarvan groepsolidariteit, deernis, respek, menswaardigheid, kollektiewe eenheid en ŉ fundamentele sin van menslikheid en moraliteit kernwaardes uitmaak.[98]

Vergeldende geregtigheid – waarvolgens ŉ onpersoonlike staat strawwe uitdeel sonder om enige oorweging te skenk aan die oortreders en weinig aan die slagoffers – is nie die enigste vorm van geregtigheid nie. Aartsbiskop Desmond Tutu skryf dat herstellende geregtigheid voortspruit uit die tradisionele Afrika-regsfilosofie en dat dit as alternatief vir huidige vergeldende geregtigheid kan dien.[99]

---

94 'n Paradigma van geregtigheid wat gebaseer is op suiwer restitusie sonder enige vergeldende of bestrawwende voornemens (McCold "The recent history of restorative justice" 25).

95 United Nations Office on Drugs and Crime 2006 www.unodc.org/pdf/criminal-justice/06-56290_Ebook.pdf.

96 United Nations Office on Drugs and Crime 2006 www.unodc.org/pdf/criminal-justice/06-56290_Ebook.pdf.

97 *S v Makwanyane and Another* 1995 6 BCLR 665 (KH).

98 *S v Makwanyane and Another* 1995 6 BCLR 665 (KH) 308.

99 Tutu *No future without forgiveness* 51.

Die sentrale tema van herstellende geregtigheid is nie vergelding of straf nie, maar die genesing van skade, regstelling van wanbalanse en die herstel van gebroke verhoudings soos in die gees van *ubuntu*.[100] Hierdie vorm van geregtigheid streef die rehabilitasie van beide die oortreder en die slagoffer na. Die oortreder word die geleentheid gegun om weer in die gemeenskap geïntegreer te word. Hierdie is ŉ persoonlike benadering wat die oortreding beskou as iets wat mense direk affekteer en ŉ wig tussen hul indryf. Daar word deur Tutu volgehou dat geregtigheid ten beste nagestreef word wanneer dit herstellend van aard is en wanneer pogings aangewend word om genesing, vergifnis en rekonsiliasie te bewerkstellig.[101]

Alhoewel herstellende geregtigheid ŉ antieke en voortgesette geskiedenis het wat strek regoor Afrika, die Midde-Ooste, Noord-Amerika, Asië, die Stille Oseaan en Europa, vind dit in die moderne samelewing die meeste aanklank by dié gemeenskappe met die sterkste verbondenheid aan hulle tradisionele herstellende gebruike.[102]

Dit was teen ŉ agtergrond van verlies aan respek vir menslike lewens en die inherente waardigheid wat aan elke persoon geheg word, dat gesprekvoering ten gunste van ŉ terugkeer na die beginsels onderliggend aan *ubuntu*[103] onder verskeie lede van die gemeenskap ontstaan het. Dit is nietemin bloot beskou as ŉ prysenswaardige eienskap wat die nasie behoort na te streef, in plaas daarvan dat dit as ŉ noodsaaklikheid in die konteks van regspleging geag word.

In ŉ grondwetlike demokrasie hou die basiese beginsel van menswaardigheid nou verband met *ubuntu* of *botho,* ŉ idee wat gebaseer is op ŉ diepgesetelde respek vir die menslikheid van ander.[104] Die epiloog van die Grondwet verklaar:

> ... there is a need for understanding but not vengeance, and for reparation but not for retaliation, a need for ubuntu but not victimisation.

Alhoewel die konsep "*ubuntu*" vir die eerste keer in die epiloog verskyn, is dit ŉ konsep wat met die Grondwet in die algemeen verweef is en in besonder met

---

100 Tutu *No future without forgiveness* 51.
101 Tutu *No future without forgiveness* 51.
102 Sherman en Strang 2009 *Acta Criminologica* 4.
103 *S v Makwanyane* 1995 6 BCLR 665 (KH) 227.
104 *Dikoko v Mokhatla* 2006 6 SA 235 (KH) 68.

Hoofstuk Twee, wat fundamentele menseregte verskans. *Ubuntu* beliggaam dus die idees van menslikheid, sosiale geregtigheid en billikheid.[105] Die epiloog tot die Grondwet gee uitdrukking aan die nuwe etos van die nasie en bewerkstellig ŉ verbintenis tot verdraagsaamheid en liefde teenoor medemense, die erkenning van hulle ingebore menslikheid en morele wisselwerking binne die gemeenskap.[106]

Die Gewoontereg het lank reeds die restitusie van harmonieuse verhoudinge as een van die primêre oogmerke van die reg beskou.[107] Dit was op hierdie grondslag dat die hof in *Dikoko* beslis het dat dit ŉ aanvaarde oogmerk van ons reg behoort te wees om in lastersake die hervestiging van harmonie in die verhouding tussen die partye te benadruk, eerder as om die verweerder finansieel te ruïneer en die partye gevolglik nog verder uitmekaar te dryf.[108]

In *Le Roux v Dey* het regter Cameron klem gelê op die feit dat die toevlug tot regsgedinge die konflik tussen partye vererger.[109] ŉ Verskoning is in die genoemde lastersaak van die leerders vereis en die beginsels van herstellende geregtigheid is beklemtoon. Regter Cameron het daarop gewys dat soortgelyke geskille op ŉ herstellende wyse, wat die waardes erken waarop die gemenereg sowel as die inheemse reg steun, aangepak moet word.[110]

Die hoofdoel van enige kompenserende maatreël is om die menswaardigheid van die eiser wat skade gely het, te herstel, en nie om die verweerder te straf nie. ŉ Remedie gebaseer op die idee van *ubuntu* sal dus meer effektief daarin kan slaag om die menswaardigheid van die eiser te herstel. So ŉ remedie sal meer effektief wees in teenstelling met ŉ monetêre toekenning waardeur die grootte van die oorwinning gemeet word aan die kwantum van die toekenning, en waartydens die partye deur die regstelsel van mekaar vervreem word.[111] Dit sal verder aan die

---

105 *S v Makwanyane* 1995 6 BCLR 665 (KH) 237.
106 *S v Makwanyane* 1995 6 BCLR 665 (KH) 263.
107 *Dikoko v Mokhatla* 2006 6 SA 235 (KH) 68.
108 *Dikoko v Mokhatla* 2006 6 SA 235 (KH) 113.
109 *Le Roux and Others v Dey* 2011 3 SA 274 (KH) 197.
110 *Le Roux and Others v Dey* 2011 3 SA 274 (KH) 197.
111 Skelton 2010 *SAPR* 99.

verweerder ŉ beter waardering van die negatiewe impak van sy onregmatige optrede gee.[112]

In die algemeen kan *ubuntu* vertaal word as menslikheid. Dit beskryf die belangrikheid van groepsolidariteit en is ŉ kernelement met betrekking tot die oorlewing van gemeenskappe. Dit vervat die belangrike waardes naamlik groepsolidariteit, deernis, respek, menswaardigheid en kollektiewe eenheid, en dui terselfdertyd in die mees basiese opsig op mensdom en moraliteit.[113] Die gees van *ubuntu* beklemtoon respek vir menswaardigheid en dui ŉ verskuiwing in perspektief aan; van konfrontasie tot versoening.

In die Westerse kultuur word respek en die waarde van lewe in omvattende konsepte soos menswaardigheid geopenbaar. Alhoewel konsepte soos hierdie struktuur verleen aan die ideaal van ŉ Westerse samelewing gebaseer op vryheid en gelykheid, val die klem steeds op individuele regte en die ontkenning van 'n openbare waardestelsel. ŉ Taal van oorheersing en hegemoniese verhoudings geniet voorrang bo die beoogde doelstelling om verhoudings te versterk.[114] Westerse gemeenskappe steun daarom grootliks op straf om diegene te dissiplineer wat hulself wangedra of misdrywe pleeg.

*Ubuntu* is versoenbaar met die vinnig ontwikkelende begrip van herstellende geregtigheid. Dit sluit aan by die internasionale strewe om herstellende stelsels van geregtigheid te skep wat op restitusie, eerder as vergeldende beginsels gebaseer word.[115] Indien gelet word op die oorsprong van herstellende geregtigheid, word dit duidelik dat dit ŉ paradigma is wat onder meer ontstaan het uit die tradisionele regstelsels van sekere inheemse stamme in Australië, Nieu-Seeland en Kanada.[116]

Inheemse stamme van Afrika het ook groot klem gelê op die slagoffers van misdaad. Restitusie asook rekonsiliasie is beskou as kernvereistes vir die herstel van

---

112 Skelton 2010 *SAPR* 101. Dit stem verder ooreen met die ontluikende idee van herstellende geregtigheid in vonnisopleggings.
113 *S v Makwanyane* 1995 6 BCLR 665 (KH) 308.
114 Vaandering "A Window On Relationships" 6.
115 Skelton 2010 *SAPR* 101.
116 Naude, Prinsloo en Ladikos 2003 *Acta Criminologica* 1.

skade.[117] Dit is daarom nie verbasend dat *ubuntu* so gemaklik met die beginsels van herstellende geregtigheid versoen kan word nie. Herstellende geregtigheid het immers onder leiding van hierdie tradisionele praktyke ontwikkel.

Soos die beginsels van herstellende geregtigheid, is die filosofie van *ubuntu* gewoonlik in berekening gebring in die strafreg, en spesifiek in verband met jeugvervolging. Tog bestaan daar geen rede waarom hierdie beginsels tot die strafreg beperk moet word nie.[118] Dit het reeds ons regspraak rakende verskeie uiteenlopende kwessies beïnvloed, soos die afskaffing van die doodstraf[119] en die wyse waarop howe met behuisingsreg omgaan.[120] Onlangs is dié beginsels op kreatiewe wyse toegepas in ŉ moordsaak in die Noord-Gautengse Hoë Hof. Die hof het die opgeskorte vonnis gekombineer met ŉ verskoning van een van die senior lede van die beskuldigde se familie.[121] Die verskoning is ook so deur die moeder van die oorledene vereis en aanvaar.

Die Konstitusionele Hof het in *S v M (Centre for Child Law Amicus Curiae)*[122] herstellende geregtigheid ondersteun, soos blyk uit regter Sachs se bespreking van korrektiewe toesig as alternatiewe vonnis. Volgens regter Sachs is die erkenning van die gemeenskap se belang by misdaadbekamping die sentrale tema van herstellende geregtigheid.[123] Hierdie erkenning van die gemeenskap se belang hou direk verband met die aard van *ubuntu*. Die gemeenskap (in teenstelling met die agente van die strafregstelsel) is die primêre voorhoede teen misdaad.

*Ubuntu* is ook met die *Wet op Beregting van Kinders* verweef. Die Wet beweeg weg van die algemeen aanvaarde Westerse uitgangspunte rakende die vervolging van jeugoortreders. Dit versoen jeugvervolging met die Afrika-kultuur deur die

---

117 Naude, Prinsloo en Ladikos 2003 *Acta Criminologica* 1.
118 *Dikoko v Mokhatla* 2006 6 SA 235 (KH) 115.
119 *S v Makwanyane and Another* 1995 3 SA 391 (KH) 227.
120 *Port-Elizabeth Municipality v Various Others* 2005 1 SA 217 (KH) asook *Schubart Park Residents' Association and Others v City of Tshwane Metropolitan Municipality and Another* 2013 1 SA 323 (KH).
121 *S v Joyce Maluleke and Others* Pretoria High Court 83/04, 13 Junie 2006, ongerapporteer.
122 *S v M* 2007 12 BCLR 1312 (KH).
123 *S v M* 2007 12 BCLR 1312 (KH) 62.

inkorporasie van die waardes van *ubuntu* in beide die voorwoord en bepalings van die Wet.[124] Artikel 2(b) sit spesifiek die Wet se verbintenis tot *ubuntu* uiteen.[125]

Die begrip *ubuntu* is nie maklik omskryfbaar binne ŉ Westerse konteks nie.[126] Tog stel die *Wet op Beregting van Kinders* ŉ beduidende uiteensetting van die beginsel daar. Hierdie uiteensetting bevat sekere onderliggende teorieë in artikel 2(b). Die beginsel van *ubuntu*[127] word eerstens gekenmerk deur ŉ begrip van kinders se afhanklikheid van hul families en gemeenskappe.[128] Enige optrede teen die kind na aanleiding van sy of haar oortreding of wangedrag moet daarom die kind se familie- en gemeenskapsbetrokkenheid in ag neem.

ŉ Verdere kenmerk gekoppel aan artikel 2(b) is dat enige prosedures en prosesse wat daarvolgens onderneem word, aan die waardes van *ubuntu* moet voldoen. Dit is maklik identifiseerbaar deurdat artikel 2(b) spesifiek verwys na die vereistes van *ubuntu.* Derdens beweeg die *Wet op Beregting van Kinders* weg van die tradisionele uitgangspunt van wraaksug, en gaan artikel 2(b)(iii) spesifiek akkoord met die beginsels van rekonsiliasie en herstellende geregtigheid.[129]

Daar word egter geargumenteer dat die *Wet op Beregting van Kinders* sekere dimensies van *ubuntu* uitsluit. Ingevolge inheemse praktyke word die oortreder tradisioneel aan openbare vernedering blootgestel, en aan die verpligte betaling van vergoeding aan die slagoffer.[130] Die doel hiervan is om die ewewig wat deur die

---

124 Gallinetti en Sloth-Nielsen 2011 *PER* 64.

125 A 2(b) van die *Wet op Beregting van Kinders* 75 van 2008:

i. fostering children's sense of dignity and worth;
ii. reinforcing children's respect for human rights and the fundamental freedoms of others by holding children accountable for their actions and safe-guarding the interests of victims and by means of a restorative justice response;
iii. supporting reconciliation by means of a restorative justice response; and
iv. involving parents, families, victims and communities in child justice processes in order to encourage the reintegration of children who are subject to the provisions of the Act.

126 Gallinetti en Sloth-Nielsen 2011 *PER* 69.

127 *Ubuntu* word in a 2(b) uiteengesit en die vereistes daarvan spesifiek omskryf as die bevordering van kinders se eiewaarde en die versterking van die kind se respek vir die fundamentele regte van ander.

128 Gallinetti en Sloth-Nielsen 2011 *PER* 70.

129 Gallinetti en Sloth-Nielsen 2011 *PER* 71.

130 Gallinetti en Sloth-Nielsen 2011 *PER* 72.

oortreding versteur is op gemeenskapsvlak te herstel. Verder dien die blootstelling aan openbare vernedering as afskrikmiddel vir potensiële oortreders.[131]

Die weglating van ŉ openbare faset van misdaadvervolging ingevolge die *Wet op Beregting van Kinders* is ŉ verdere afwyking van die tradisionele konteks van *ubuntu*. Anders as in die geval van die WVK word geen openbare dimensie, wat die breër gemeenskap toelaat om die erkennings van oortreders eerstehands te beleef en te vergewe, aan hierdie prosedures geheg nie.

Tog is die beweegrede vir die weglating van die bogenoemde openbare faset van *ubuntu* nie sonder meriete nie. Die kind se reg tot privaatheid en waardigheid ingevolge die Grondwet weeg swaarder as die gemeenskap se belang by openbare verantwoording.[132]

### *2.6 Lesse uit die suksesse van die Wet op Beregting van Kinders*

Jeugmisdadigheid is ŉ veld waarin eksperimentering met die beginsels van herstellende geregtigheid lank reeds aan die orde van die dag is. Die ondersteuning wat in dié veld vir herstellende geregtigheidspraktyke bestaan is moontlik te danke aan die feit dat hofpersoneel betrokke by strafregspleging meer geredelik bereid is om sodanige gebruike in ag te neem indien kinders betrokke is.[133] Mense is meer bereid om kinders te vergewe wanneer hulle misdrywe pleeg weens die opvatting dat hulle met meer sukses gerehabiliteer kan word.[134]

Naude en Nation het die ontwikkeling van herstellende geregtigheid opgeteken sedert die eerste program in 1992 in werking getree het tot by die rol wat dit vandag in die strafreg as afwentelingsmeganisme vervul.[135] Herstellende geregtigheid het sedertdien in die Suid-Afrikaanse strafregstelsel tot so ŉ mate deurgesypel dat die Vereniging van Streeklanddroste in 2003 toegestem het om herstellende geregtigheidsbeginsels toe te pas wanneer dit toepaslik is.[136]

131 Gallinetti en Sloth-Nielsen 2011 *PER* 72.
132 Gallinetti en Sloth-Nielsen 2011 *PER* 72.
133 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 127.
134 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 127.
135 Dit is vermeld deur Sherman en Strang in Sherman and Strang 2009 *Acta Criminologica* 6.
136 Sherman and Strang 2009 *Acta Criminologica* 6.

Die destydse Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling, Dullah Omar, het aan die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie opdrag gegee om ŉ ondersoek te loods waarin die hervorming van die *juvenile justice*-stelsel beoordeel moes word.[137]

Die minister het, met die verkiesing van ŉ *juvenile justice project committee,* individue uit die samelewing aangestel wat as voorstanders van herstellende geregtigheid bekend was.[138] Dié genomineerdes was voorheen deel van die nieregeringsdrukgroep wat vir die omvattende hervorming van die sogenaamde *juvenile justice system* betoog het.

Die *juvenile justice project committee* het in 1997 met hierdie hervormingsproses begin, en in 1998 is ŉ wetsontwerp vir kommentaar gepubliseer. Hulle finale verslag is voltooi en gedurende Augustus 2000 aan die minister oorhandig.[139] Die Departement van Justisie en Grondwetlike Hervorming se wetgewende adviseurs het die wetsontwerp bestudeer en net geringe veranderinge aangebring. Hierdie veranderinge het geensins aan die wet se karakter van herstellende geregtigheid afbreuk gedoen nie.[140] Die *Child Justice Bill* 49 van 2002 is in November 2002 deur die Parlement goedgekeur. In 2004 het die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling uiteindelik herstellende geregtigheid as ŉ lewensvatbare alternatief tydens vonnisoplegging erken.[141]

Herstellende geregtigheid word deur die *Wet op Beregting van Kinders* gedefinieer as die bevordering van rekonsiliasie, restitusie en verantwoordelikheid deur deelname van die kind, die kind se ouers, gesinslede en die gemeenskap.[142] Alhoewel sommige skrywers suggereer dat Suid-Afrika se omgang met herstellende geregtigheid met ŉ mate van huiwering gepaardgaan, is ander dit eens dat dit in ooreenstemming is met enige herstellende geregtigheidsinisiatiewe van die 21ste eeu.[143]

---

137 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 129.
138 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 129.
139 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 129.
140 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 129.
141 Sherman and Strang 2009 *Acta Criminologica* 6.
142 A 1 *Wet op Beregting van Kinders* 75 van 2008.
143 Sherman and Strang 2009 *Acta Criminologica* 6.

Die stelsel, deur die *Wet op Beregting van Kinders* voorgestel, sluit in alternatiewe vir arrestasie, verpligte assessering van elke jeugdige oortreder deur ʼn proefbeampte, en verskyning voor ʼn landdros vir ʼn voorlopige ondersoek binne 48 uur na arrestasie.[144] Die voorlopige ondersoek neem die vorm van ʼn multidissiplinêre konferensie aan waarvan die hoofdoel is om die gebruik van afwenteling aan te moedig.[145] Dit is egter die staatsaanklaer wat finaal moet besluit of die saak afgewentel kan word.[146]

Afwenteling is nie ʼn totale nuwe konsep binne die Suid-Afrikaanse reg nie, maar dit vind tans meestal op ʼn *ad hoc*-basis plaas en is grootliks afhanklik van positiewe werksverhoudings tussen aanklaers, beamptes en diensleweringsorganisasies.[147]

### *2.6.1 Aard en inhoud van afwenteling*

Die *National Institute for Crime Prevention and Rehabilitation of Offenders* (NICRO) het gedurende die 1990's baanbrekerswerk gedoen op die gebied van afwenteling van jeugoortreders uit die strafregstelsel.[148] Hierdie organisasie het ʼn uitgangspunt van herstellende geregtigheid gebruik en sodoende die weg gebaan vir die insluiting van herstellende geregtigheid in alle verbandhoudende beleide en praktyke. Na 1994 het verskeie beleidsdokumente, soos die *National Crime Prevention Strategy* en die *Interim Policy Recommendations for the Transformation of the Child and Youth Care System,* voorsiening gemaak vir die afwenteling van kinders en die toepassing van herstellende alternatiewe wanneer daar met jeugmisdadigers gehandel word.[149]

As ʼn kerngedeelte van die *Wet op Beregting van Kinders,* word die volgende deur afwenteling beoog:

a. om die kind/leerder aan te moedig om verantwoording te doen vir die skade berokken;
b. om die spesifieke behoeftes van die kind in ag te neem;

144 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 130.
145 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 130.
146 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 130.
147 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 131.
148 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 127.
149 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 128.

c. om die integrasie van die kind en sy familie in die gemeenskap aan te moedig;
d. om die slagoffers ŉ geleentheid te bied om hul opinies te lug en die impak van die oortreding op hul lewens bekend te maak;
e. die aanmoediging van kompensasie of voordeel aan slagoffers;
f. die rekonsiliasie tussen die kind en die gemeenskap;
g. die voorkoming van stigmatisering van die kind asook die negatiewe gevolge wat voortspruit uit die blootstelling aan die strafregstelsel;
h. die voorkoming van kriminele rekords.[150]

Die Wet onderskei tussen twee vlakke van afwenteling vir kinders van 10 jaar en ouer. Hierdie twee vlakke word gebaseer op die intensiewe aard van die ingryping wat benodig word sowel as op die omstandighede van die kind.[151]

Die eerste vlak sluit kortstondige programme in, wat nie noodwendig as intensief beskou kan word nie, en wat deur ŉ staatsaanklaer geïmplementeer kan word voor die aanvanklike ondersoek plaasgevind het.[152] ŉ Jeugoortreder kan egter na afloop van die aanvanklike ondersoek vir Vlak 1 afwenteling verwys word.[153] Voorbeelde sluit in verpligte skoolbywoningsbevele, familietyd-bevele en die plasing onder toesig en leiding van ŉ bepaalde persoon of persone.[154] Hierdie bevele se doel is om positiewe gedrag in kinders aan te moedig en ouers in hul leidinggewende posisies te onderskraag. Selfs al kom hierdie bevele eenvoudig voor, is die doel daarmee van groot belang. Vlak 1 afwenteling vereis die toesig en leiding van ŉ individu in die familie, ŉ gemeenskapsleier, of iemand van ŉ gemeenskapsgebaseerde organisasie tydens die implementering daarvan.[155]

Die tweede vlak bevat daarenteen programme van toenemende intensiteit,[156] wat vir langer periodes voortduur en net oorweeg kan word vir Skedule 2 en 3

150 Mbambo "Diversion: A Central Feature of the New Child Justice System" 77.
151 Mbambo "Diversion: A Central Feature of the New Child Justice System" 77.
152 Vlak 1 afwentelings word slegs oorweeg vir Skedule 1 oortredings in terme van A 53(2)(a) van die *Wet op Beregting van Kinders.*
153 Daar moet egter aan die faktore voldoen word wat gelys is in aa 52(1)(a) tot (d) van die *Wet op Beregting van Kinders.*
154 Die moontlike Vlak 1 afwentelings word gelys in Art 53(3) van die *Wet op Beregting van Kinders*.
155 Mbambo "Diversion: A Central Feature of the New Child Justice System" 77.
156 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 131.

oortredings.[157] Vlak 2 afwentelings duur vir ŉ maksimum tydperk of periode van 24 tot 48 maande.[158] Dit sluit onder andere in verpligte bywoning van beroepsopleiding by ŉ spesifieke sentrum of fasiliteit, of die uitvoering van pligte sonder vergoeding en tot die voordeel van die gemeenskap.[159] Verwysing na ŉ familie-konferensie *(family group conference)* of oortreder-slagoffer mediasie is ook aanvaarbare opsies op hierdie vlak.[160]

Skrywers soos Mbambo en Skelton onderskei verder ŉ derde vlak van afwenteling. Volgens hulle kan Vlak 3 afwentelings slegs toegepas word in gevalle waar oortreders 14 jaar of ouer is en die hof oortuig is dat, in die geval van ŉ skuldigbevinding, die kind gevonnis sal word tot detensie/gevangenisstraf van minder as 6 maande.[161] Op hierdie vlak sluit afwenteling in die verwysing na programme met ŉ residensiële komponent, uitvoering van pligte sonder vergoeding, en verwysing vir berading of terapeutiese ingryping.[162] Die duidelike doel hiervan is om diegene wat in die jeugregstelsel werk aan te moedig om in ŉ reeks verskillende situasies van afwenteling gebruik te maak, selfs vir betreklik ernstige oortredings.[163]

Slagoffer-oortreder mediasie en familie-konferensies is beskikbaar op beide die tweede en derde vlak, wat daarop dui dat dit deur die *juvenile justice project committee* as intensiewe afwentelingsopsies beskou word.[164] Die Wet maak verder voorsiening vir minimum standaarde vir afwenteling asook die beskerming van die prosedurele regte van kinders wat afgewentel word.[165]

Betreffende die bogenoemde is dit verder belangrik om te verseker dat daar aan sekere rigtinggewende beginsels voldoen word wanneer afwentelingsprogramme aangebied word.[166] Hierdie beginsels verseker die effektiewe lewering van bogenoemde programme en vereis *inter alia* dat probleemareas geteiken moet word

---

157 A 53(2)(b) van die *Wet op Beregting van Kinders* 75 van 2008.
158 Aa 53(6)(a)(i) tot (ii) *Wet op Beregting van Kinders* 75 van 2008.
159 Artikel 53(4)(a) tot (e) van die *Wet op Beregting van Kinders*.
160 Mbambo "Diversion: A Central Feature of the New Child Justice System" 77.
161 Mbambo "Diversion: A Central Feature of the New Child Justice System" 77.
162 Mbambo "Diversion: A Central Feature of the New Child Justice System" 77.
163 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 131.
164 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 131.
165 Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective" 131; a 55 van die *Wet op Beregting van Kinders.*
166 Mbambo "Diversion: A Central Feature of the New Child Justice System" 78.

deur intensiewe kontak met kinders, wat verskeie kontaksessies per week, of selfs daaglikse sessies sal insluit. Intervensies word ontwerp om klem te plaas op kinders se sterk punte en met hulle te handel binne die konteks van hulle verhoudings met ander eerder as op ŉ individuele vlak.[167]

### *2.6.2 Bestaande afwentelingsprogramme*

#### 2.6.2.1 Mentorskap en die "*National Youth Development Outreach* (NYDO)"

Sedert die bekendstelling van die *Child Justice Bill* in 1998 het verskeie Suid-Afrikaanse organisasies poog om programme te ontwikkel wat op herstellende geregtigheidsbeginsels en afwenteling gebaseer is.[168] Een van hierdie programme is die *National Youth Development Outreach (NYDO)* in Pretoria.[169]

NYDO is ŉ mentorskapprogram waarvan die kantoor in Eersterust, Pretoria, geleë is. Eersterust is ontwikkel na aanleiding van die vroeëre Apartheidsregering se beleid van segregasie, waardeur talle mense gedwing is om op grond van hulle ras te verhuis en te hervestig. Dié dorp is vir kleurlinggemeenskappe afgesonder en is sedert sy ontstaan deur misdaad en bendebedrywighede gekenmerk.[170]

In 1990 is NYDO gestig met die doel om Eersterust en die omringende omgewing te beïnvloed om positiewe rolmodelle vir soortgelyke gemeenskappe in Suid-Afrika te word. As uitgangspunt beskou die organisasie die familie-eenheid as die belangrikste invloed op die sosialisering van 'n kind. In hierdie model vorm kinders en hulle families die primêre fokus van die intervensie, met die gemeenskap as sekondêre ondersteuningstelsel.[171]

Buiten programme wat die klem laat val op kuns, opvoedkunde, entrepreneurskap en gesondheidsbewustheid, onderneem die organisasie verder die buitegeregtelike rehabilitasie van jeugoortreders deur vaardigheidsopleiding en mentorskap-

167 Mbambo "Diversion: A Central Feature of the New Child Justice System" 78.
168 Kruger, Rousseau en Van Oosterhout 2011 *Article* 7.
169 Louw, Steyn en Van Rensburg 2012 *Acta Academica* 106.
170 Louw, Steyn en Van Rensburg 2012 *Acta Academica* 116.
171 Louw, Steyn en Van Rensburg 2012 *Acta Academica* 116.

intervensie. Sedert die 1990's is NYDO aan die voorpunt van die formaliserings-proses van mentorskap in Suid-Afrika.[172]

Artikel 53(1)(f) van die *Wet op Beregting van Kinders* ondersteun die gebruik van mentorskap as intervensiestrategie.[173] Dit bepaal dat ŉ kind onder die toesig en leiding van ŉ mentor geplaas kan word ten einde die mentor toe te laat om die kind se gedrag te lei. Hierdie bevel kan oor ŉ tydperk van twee jaar strek wanneer daar met kinders tussen die ouderdomme van 14 en 18 gehandel word, en een jaar vir kinders jonger as 14 jaar. Hierdie strategie word geklassifiseer as ŉ afwentelingsproses vir jeugoortreders wat skuldig is aan die pleging van geringe eerste oortredings.

Volgens artikel 51 van die *Wet op Beregting van Kinders* is die doel van afwenteling om verantwoordbaarheid aan te moedig; om met die individuele behoeftes van kinders wat in konflik met die reg verkeer, te handel; om kinders met hulle families te versoen, asook met die gemeenskap en diegene wat deur die oortreding geraak word; om die geleentheid te skep vir slagoffers om hul sieninge bekend te maak en voordeel te trek uit ŉ vorm van kompensasie; om stigmatisasie wat gepaardgaan met kontak met die strafregstelsel te voorkom, en om kriminele rekords te voorkom.[174]

Hierdie beginsels word duidelik ingesluit in die herstellende geregtigheidsparadigma wat voorskryf dat die skade wat deur ŉ oortreding veroorsaak is, reggestel moet word, insluitend skade aan die familie, slagoffer en gemeenskap. Die kriteria vir afwenteling is dat die kind verantwoordelikheid vir die oortreding aanvaar, dat ŉ *prima facie*-saak teen die kind bestaan, en dat die kind instem tot afwenteling.

NYDO het vyf betaalde mentors wat op ŉ voltydse basis mentorskap verskaf.[175] Mentors se ouderdomme wissel tussen 24 en 28 jaar.[176] Geduld en die begeerte om

172 Louw, Steyn en Van Rensburg 2012 *Acta Academica* 116.
173 A 53(1)(f): 'a supervision and guidance order' means an order issued in the prescribed manner, placing a child under the supervision and guidance of a mentor or peer in order to monitor and guide the child's behaviour.
174 A 51 van die *Wet op Beregting van Kinders.*
175 Louw, Steyn en Van Rensburg 2012 *Acta Academica* 118.
176 Louw, Steyn en Van Rensburg 2012 *Acta Academica* 118.

met probleemkinders te werk en ŉ verskil te maak is belangrike eienskappe waaroor elke mentor behoort te beskik.

Nadat die kind deur ŉ hof vir afwentelingsintervensie verwys is, sal ŉ maatskaplike werker ŉ volledige assessering van die kind onderneem om sy/haar behoeftes met betrekking tot intervensie te bepaal. Inligting word ook deur middel van die ouers en familie van die kind bekom. In ooreenstemming met die assessering word ŉ profiel geskep waarvolgens die kind by 'n gepaste mentor geplaas word.[177]

Dit is om hierdie rede dat dienste uitgebrei word na die ouers van hierdie kinders. Familiegebaseerde programme word daarom dikwels met mentorskap geïntegreer. Wanneer gesinne geen samewerking in hierdie opsigte bied nie, sal die mentor die hulp van ŉ familie-ondersteuningswerker inroep.[178]

Die profiel van deelnemers aan die program is meestal kinders tussen die ouderdomme van 16 en 18 jaar.[179] Seuns vorm meer as 80% van die deelnemers en die oortredings is geringe eerste oortredings, waaronder aanranding, diefstal, kwaadwillige saakbeskadiging en huisbraak die mees algemene oortredings is.[180]

NYDO se jaarsverslae toon dat ŉ beduidende persentasie van deelnemers uitsak. Van die 116 gevalle wat in 2006/2007 vir mentorskapintervensie verwys is, het net 77 deelnemers die program suksesvol voltooi.[181] In 2007/2008 het 30 uit die 67 afgewentelde oortreders weer in die hof beland.[182] Dit is dus belangrik om te let op die tekortkominge van hierdie intervensiemetodes ten einde dit teë te werk.

#### 2.6.2.2 Wildernis-/Avontuurterapie en *Usiko*

Nog ŉ organisasie wat op afwenteling fokus is *Usiko* in die Wes-Kaap.[183] Hierdie program bied sedert 2005 afwentelingsdienste in die Stellenbosch-omgewing.[184]

177 Louw, Steyn en Van Rensburg 2012 *Acta Academica* 118.
178 Hierdie persone werk onder die toesig van die maatskaplike werkers en is dikwels ouer lede van die gemeenskap, Louw, Steyn en Van Rensburg 2012 *Acta Academica* 119.
179 Louw, Steyn en Van Rensburg 2012 *Acta Academica* 121.
180 Louw, Steyn en Van Rensburg 2012 *Acta Academica* 121.
181 Louw, Steyn en Van Rensburg 2012 *Acta Academica* 121.
182 Louw, Steyn en Van Rensburg 2012 *Acta Academica* 121.
183 Die naam *Usiko* beteken eerste ritueel in Zulu.
184 Kruger, Rousseau en Van Oosterhout 2011 *Article* 7.

*Usiko* is in die afwesigheid van afwentelingsprogramme begin as 'n eerste poging tot die skepping van ŉ gepaste program waardeur jeugoortreders van die tradisionele strafregstelsel afgewentel kan word.[185]

Dit is gebaseer op opvattings van deurgangsrites, en het die belangrikheid van rituele vir jong mense, asook die genesingskragte van die natuur ondersoek. Hierdie program is ŉ negemaandelange intervensieprogram wat reeds langer as sewe jaar aan jeugoortreders die geleentheid bied om, weg van die stad en al sy afleidings, hulle selfvertroue te herstel.[186]

Aanvanklik is die program net vir jong mans aangebied, maar is onlangs uitgebrei om jong vroue ook in te sluit. *Usiko* bied tans skoolgebaseerde voorkomingsprogramme, asook afwentelingsprogramme vir jeugoortreders wat deur die howe verwys word. Sodra die kind deur sy/haar skool gekies word of deur die hof verwys word, sal hy/sy tyd saam met sy/haar ma deurbring en deelneem aan lewensvaardigheidskursusse; konflikresolusieprogramme; HIV- en seksuele bewustheidsprogramme, leierskapsontwikkeling en sessies in die wildernis.[187]

Ongeveer 400 jongmense het reeds die *Usiko*-programme deurloop.[188] Opvolgbesoeke het bevind dat nie een van dié jongmense by ŉ bende aangesluit het nie. Twee van hierdie jongmense het in 2006 aan leierskapsprogramme in Kanada deelgeneem.[189] Drie het voortgegaan om studie op tersiêre vlak te voltooi en verskeie jongmense het self mentors in die program geword.[190]

Die program bied ŉ alternatiewe ruimte vir die jeug om ŉ sin van samehorigheid, bemeestering, onafhanklikheid en ruimhartigheid te ontwikkel. Jeugoortreders word deur ŉ siklus van verandering gelei waardeur hulle uitgedaag word om hul lewens te hersien, te herstel en te herintegreer.[191] Dit is om hierdie rede dat die program so suksesvol is; kinders word uit omstandighede verwyder waar hulle bloot meegesleur

---

185 Naidoo en Pinnock 2006 *Article* 19.
186 Naidoo en Pinnock 2006 *Article* 19.
187 Naidoo en Pinnock 2006 *Article* 19.
188 Naidoo en Pinnock 2006 *Article* 19.
189 Naidoo en Pinnock 2006 *Article* 19.
190 Naidoo en Pinnock 2006 *Article* 19.
191 In die berge word die kinders gekonfronteer met fisiese en emosionele uitdagings. Hulle leer nuwe vaardighede en versamel nuwe stories oor hulself wat hulle selfvertroue ŉ hupstoot gee.

word deur die gewoontes van geweld en misdaad, en hulle word toegerus met die nodige selfvertroue ten einde eienaarskap van hul lewens te neem.[192]

*Usiko* fokus op verskeie afwentelingsprogramme, waaronder mentorskap en jeugklubs. Een van hierdie programme is ingestel op die voorkoming van geweld en gepaardgaande probleme in skole, asook die daarstelling van ŉ gemeenskapsgebaseerde, alternatiewe benadering tot dissipline en straf.[193]

Hierdie Skoolgebaseerde Voorkomingsprogramme lewer diens by twee hoërskole en vier laerskole in die Stellenboschgebied.[194] Dit is gebaseer op navorsing wat aandui dat die grootste impak deur primêre voorkoming[195] en sekondêre voorkoming gemaak word.[196] *Usiko* se skoolgebaseerde voorkomingsprogramme bied lewensvaardigheidsessies, sport en ontspanning, ervaringsleer op wilderniskampe saam met mentors, vieringe vir meisies en moeders op Vrouedag, uitstappies na plekke van historiese en kulturele belang, ensovoorts. Sedert 2011 is die programme uitgebrei na die jongste ouderdomsgroep nóg, naamlik Graad 7, weens die hoë vlakke van geweld wat deur meisies in hierdie ouderdomsgroep ervaar word.[197]

*Usiko* het tesame met skole in die Stellenboschgebied herstellende geregtigheidsprogramme begin bied aan skoolgaande kinders wat op die skoolterrein die reg oortree het. Die kinders wat deur die beheerliggame verwys word is dié wat 'n risiko loop om gearresteer te word vir skedule een of twee misdrywe ingevolge die *Wet op Beregting van Kinders*.[198] Hierdie oortredings sluit in diefstal, aanranding, onregmatige betreding, openbare onsedelikheid, besit van dwelms, saakbeskadiging, seksuele aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer, en die lewering van seksuele dienste teen vergoeding.

192 Naidoo en Pinnock 2006 *Article* 19.
193 Kruger, Rousseau en Van Oosterhout 2011 *Article* 7.
194 Kruger, Rousseau en Van Oosterhout 2011 *Article* 7.
195 Primêre voorkoming verwys na universele programme wat fokus op die voorkoming van ŉ spesifieke probleem by ŉ spesifieke kind of jeuggroep.
196 Sekondêre voorkoming verwys na die teikening van daardie jeug wat die gevaar loop van ŉ swak uitkoms weens die blootstelling aan hoë vlakke van geweld.
197 Kruger, Rousseau en Van Oosterhout 2011 *Article* 7.
198 Kruger, Rousseau en Van Oosterhout 2011 *Article* 8.

*Usiko* bied aan hierdie kinders ʼn herstellende geregtigheidsprogram wat buite die formele regstelsel voorsiening maak vir ʼn gemeenskapsgebaseerde, holistiese benadering om hulle suksesvol te rehabiliteer en weer in die samelewing te integreer. Hierdie intervensie, deur die gemeenskap gesanksioneer, streef ook daarna om die samelewing in te lig oor hul regte en die dienste wat hierdeur vir hulle beskikbaar is.

Afwenteling impliseer dat gemeenskappe ʼn groter rol in geregtigheid speel.[199] Tog is dit belangrik om te besef dat, wanneer ons kinders uit die strafregstelsel verwyder, ons hulle verwyder uit ʼn stelsel met deurdagte en beproefde prosedurele beskermingsmaatreëls.[200] Die strafregstelsel het oor ʼn tydperk van honderde jare reëls ontwikkel wat verseker dat oortreders se regte slegs ingevolge streng toegepaste prosedures beperk word. Volgens die huidige stand van sake word wetgewing steeds nie suksesvol geïmplementeer om die verwesenliking van regte te verseker nie, daarom oorbrug *Usiko* hierdie gaping deur nie net kinders se toegang tot die reg te verseker nie, maar ook kinders se vryheid om hul regte te kan uitoefen.

199 Skelton 2001 www.cyc-net.org/cyc-online/cycol-0601-skelton.html.
200 Skelton 2001 www.cyc-net.org/cyc-online/cycol-0601-skelton.html.

## 3 Huidige benadering tot skooldissiplinêre optrede

### *3.1 Aard van dissipline*

Dissipline in skole is vandag ŉ ernstige kwessie wat toenemend aandag geniet.[201] Leerders word tot 'n groot mate blootgestel aan 'n samelewing vol geweld wat uiteindelik 'n negatiewe invloed op leerdergedrag het. Hierdie blootstelling aan geweld word ongetwyfeld deur die media versterk.[202]

Volgens Lessing en De Witt lei die volgende faktore tot gebrekkige dissipline onder kinders: die oorbeklemtoning van individuele regte; ontoereikende persoonlike verantwoordelikheid; die afwesigheid van 'n openbare waardestelsel; die onvermoë van die samelewing om kinders te leer om vir hulleself te dink en te besluit; en die afwesigheid van selfgedissiplineerde rolmodelle in die samelewing.[203]

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge beweer dat Suid-Afrikaanse skole as van die gevaarlikste skole ter wêreld beskou word.[204] Indien hierdie probleem nie aangepak word nie, kan dit die opvoeding en opleiding van talle leerders negatief beïnvloed.[205] Verskeie pogings is reeds aangewend om leerderdissipline te verbeter. Dit sluit in die formulering van die *Skolewet* wat ŉ raamwerk voorsien waarbinne gepoog word om dissipline, waardes en menseregte te belyn.

Na 1994 het Suid-Afrika ŉ nuwe, demokratiese Grondwet[206] aanvaar wat elke persoon se reg op menswaardigheid en gelykheid waarborg. Die nuwe grondwetlike bedeling het dieselfde roete gevolg as ander demokrasieë, en wetgewing aanvaar wat lyfstraf in skole verbied.[207] In hierdie verband bepaal die *Wet op Nasionale*

201 Le Roux en Mokhele 2011 *Africa Education Review* 318.
202 Lessing en De Witt 2011 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 407.
203 Lessing en De Witt 2011 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 407.
204 Barnes, Brynard en De Wet 2012 *SAJE* 69.
205 Gebrekkige dissipline gee aanleiding tot die toename van geweld en misdaad in skole. Dit is ŉ kritieke probleem in Suid-Afrikaanse skole.
206 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 (hierna die Grondwet).
207 Lyfstraf in skole is reeds in *S v Makwanyane* ongrondwetlik verklaar.

*Onderwysbeleid*[208] dat geen persoon lyfstraf mag toedien, of 'n leerder mag blootstel aan sielkundige of fisiese mishandeling in 'n akademiese instelling nie. Verder stel die *Skolewet* dat geen persoon by enige skool lyfstraf aan leerders mag toedien nie. Enige oortreding van die bogenoemde sal sodanige persoon skuldig maak aan 'n oortreding wat in dieselfde mate strafbaar is as aanranding.[209]

Daar is met lyfstraf probeer om 'n kultuur van dissipline en respek in klaskamers te kweek wat tot die optimale opvoeding van leerders sou bydra. Omvattende navorsing in dié verband het getoon dat lyfstraf in skole nie die gewenste uitkomste tot gevolg gehad het nie.[210] "Geweld kweek geweld" was die antwoord wat toegespitste navorsing op die effek van lyfstraf in skole gegee het. Kinders wat aan geweld in hulle huise en skole blootgestel word sal neig om geweld te gebruik om probleme op alle terreine van hul lewens te probeer oplos, hetsy as kinders of volwassenes.[211]

Lyfstraf is net een vorm van vergeldende beregting wat in skole toegepas is. Alhoewel lyfstraf nou deur wetgewing verbied word, is ander vorme van vergeldende beregting steeds aan die orde van die dag wanneer dissiplinêre optrede in skole ter sprake is, soos skooldissiplinêre optrede wat deur beheerliggame toegepas word in die hantering van ernstige wangedrag. Hierdie optrede verwys na die tydelike en permanente skorsing van leerders wat hulself ingevolge die gedragskode van die skool aan ernstige wangedrag skuldig maak.[212]

Skorsing is 'n vorm van straf wat in die praktyk veel te wense oorlaat betreffende verdraagsaamheid. In die strafreg word aannames van onskuld en standaarde vir prosedurele regverdigheid streng nagevolg, maar skooldissiplinêre optrede breek hiervan weg deur op onverdraagsaamheid en vergelding gerig te wees.[213]

Tans fokus dissiplinêre optrede in skole op straf eerder as op beloning en positiewe dissipline. Vergeldende beregting is reaktief van aard en illustreer

208 A 3(4)(n) van die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid* 27 van 1996.
209 Aa 10(1) en (2) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* 84 van 1996.
210 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 7.
211 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 7.
212 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 26-27.
213 Ayers, Ayers en Dohrn "Resisting Zero Tolerance" xii.

onverdraagsaamheid teenoor probleemgedrag. Hoewel die Grondwet en die *Skolewet* die regsraamwerk van skooldissiplinêre optrede vorm, is vergeldende beregting onderdrukkend van aard en dien dit nie die belange van diegene wat daaraan onderwerp word nie.

### 3.2 Huidige dissiplinêre maatreëls in skole

#### 3.2.1 Gedragskode

Ingevolge die *Skolewet*[214] is elke openbare skool ŉ regspersoon met die nodige regsbevoegdheid om sy funksies ingevolge die Wet te vervul. Elke staatskool word verplig om ŉ beheerliggaam te hê.[215] Sodanige beheerliggaam is ŉ funksionaris van die skool en staan in ŉ vertrouensverhouding met en tot daardie skool.[216]

Die *Skolewet* bepaal in artikel 8 dat die beheerliggaam, onderhewig aan bepaalde provinsiale wetgewing, ŉ gedragskode moet aanvaar na oorlegpleging met die leerders, ouers en opvoeders van die skool.[217] Die betrokke minister mag, ooreenkomstig voorgeskrewe prosedures, die riglyne voorskryf wat beheerliggame voor die aanvaarding van gedragskodes moet oorweeg.[218] Sodanige gedragskode moet voldoen aan die riglyne soos in die Staatskoerant uiteengesit.[219]

Dit moet ŉ omvattende dokument wees wat die leerders inlig oor wat aanvaarbare gedrag in skole is.[220] Die gedragskode moet gemik wees op die verwesenliking van

---

214 A 15.
215 A 16(1) van die *Skolewet.*
216 Bray "Law, Education and the Learner" 466.
217 A 8 van die *Skolewet*.
218 A 8(3) van die *Skolewet*.
219 AK 776 in SK 18900 van 15 Mei 1998.
220 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 9:
Die gedragskode moet gebaseer wees op ŉ etos wat ooreenstam met die waardes van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, relevante wetgewing en die visie en missie van die skool. Dit moet daarom:
- Die regte en verpligtinge van leerders, ouers en opvoeders reflekteer.
- Voorsiening maak vir riglyne en standaarde vir aanvaarbare gedrag.
- Selfdissipline en konstruktiewe opvoeding bevorder.
- Gebaseer wees op respek en verdraagsaamheid.

▪ ŉ Duidelike uiteensetting verskaf van wat daar van leerders verwag word om te doen (en nie te doen nie) sowel as die klagtekanale en proses om te volg in die geval van wangedrag.

ŉ doelgerigte en gedissiplineerde leeromgewing wat die verbetering en instandhouding van hoë gehalte-onderrig verseker.[221]

3.2.1.1 Inhoud van ŉ gedragskode

Die inhoud van die gedragskode moet vir verskillende vlakke van wangedrag voorsiening maak en die kategorieë moet op grond van die aard en erns van die wangedrag ingedeel word. Dit moet opvoeders, ouers en leerders in kennis stel van wanneer watter prosedures vir elke vlak van wangedrag gevolg word, asook wie vir die instelling van sodanige prosedures verantwoordelik is.[222] Daar word hoofsaaklik vyf vlakke van wangedrag in ŉ gedragskode geïdentifiseer. Die eerste vlak sit wangedrag binne die klaskamer uiteen. Hierdie vlak van wangedrag sal deur die opvoeder self hanteer word deur *inter alia* verbale waarskuwings, addisionele huiswerk of die oplegging van detensie.[223]

Die tweede vlak van wangedrag is gedrag wat neerkom op die oortreding van skoolreëls.[224] Deur herhaaldelik vlak een-oortredings te pleeg en nie te reageer op die dissiplinêre optrede van die opvoeder nie, sal die leerder homself skuldig maak aan ŉ oortreding op grond van vlak twee. Hierdie oortredings word deur ŉ hoër gesag, soos die departementshoof, hanteer.[225]

Vlak drie oortredings kom neer op ernstige wangedrag of die ernstige oortreding van skoolgedragskodes, soos die vervalsing van dokumente en handtekeninge of die verspreiding van pornografiese materiaal. Skooldissiplinêre optrede vir ernstige wangedrag kan inhou dat die leerder ŉ skriftelike waarskuwing ontvang of gemeenskapsdiens opgelê word. Hierdie soort aangeleentheid word net deur die skoolhoof hanteer.[226]

221 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 9.
222 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 24.
223 Voorbeelde van vlak een wangedrag is onvoltooide huiswerk, verontagsaming van opdragte en ontwrigtende gedrag soos aanhoudend gesels en onwelvoeglike taalgebruik.
224 Dit is onder meer die nienakoming van die kleredragkode en herhaaldelike wangedrag ingevolge vlak een.
225 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 25.
226 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 26.

Die vierde vlak van oortredings handel oor baie ernstige oortredings. Dit is daardie oortredings waar vlak drie-dissiplinêre optrede oneffektief is of gevalle waar byvoorbeeld seksuele suggestie of dwelmmisbruik in skole plaasvind.[227] Dit is in sulke gevalle dat by die provinsiale onderwysdepartement aansoek gedoen word vir tydelike skorsing van die leerder. Die bogenoemde oortredings word deur die skoolhoof en beheerliggaam hanteer, in samewerking met die onderwysdepartement.

Die laaste of vyfde vlak van oortredings is daardie oortredings waaruit strafregtelike gevolge kan spruit.[228] Dit kan inhou die seksuele teistering van ŉ persoon, verkragting, vandalisme, diefstal en/of aanranding. Laasgenoemde word ook deur die skoolhoof en beheerliggaam in samewerking met die onderwysdepartement hanteer, maar dissiplinêre optrede sluit in permanente skorsing of oorplasing na ŉ ander skool, en die toelating van strafregtelike of siviele aksie om teen die oortreder ingestel te word.[229]

Enige dissiplinêre prosedures moet op grond van die gedragskode uitgevoer word en die kode moet bepalings bevat rakende die versekering van "*due process*", ten einde die regte van leerders en diegene betrokke by dissiplinêre prosedures te verseker.

In *Antonie v Governing Body, Settlers High School and Others*[230] het ŉ 15-jarige Rastafariese meisie ŉ aansoek gebring om haar skool se beheerliggaam se besluit om haar aan ernstige wangedrag skuldig te bevind, te betwis. Sy is deur die beheerliggaam aan ernstige wangedrag skuldig bevind weens die dra van haar hare in Rastalokke onder 'n pet. Die Kaapse Provinsiale Afdeling het die beheerliggaam se besluit ter syde gestel aangesien die beheerliggaam nie ten tyde van die opstel van hul gedragskode genoeg aandag aan die beginsels van die Grondwet geskenk het nie. Dit sluit in die kind se reg op vryheid van geloof en uitdrukking. Daar moet

227 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 26.
228 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 26.
229 *Le Roux v Dey* is een so ŉ geval waar skooldissiplinêre optrede gevolg is deur strafregtelike en siviele aksie.
230 *Antonie v Governing Body, Settlers High School and Others* 2002 4 SA 738 (K).

verseker word dat die gedragskode gebaseer is op waardes wat ooreenstem met die waardes van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*.

### *3.2.2 Tydelike en permanente skorsing*

Tydelike en permanente skorsing uit staatskole word in artikel 9 van die *Skolewet* as die erkende metodes van straf uiteengesit vir leerders wat ernstige wangedrag gepleeg het. Aangesien hierdie metodes van straf inhou dat die leerder geskors word van skoolbywoning, kan dit inbreuk maak op die leerder se basiese reg op onderwys.[231] Daarom moet hierdie vorme van straf op ŉ redelike, regverdige en billike wyse uitgeoefen word.[232] Tydelike skorsing van ŉ leerder moet op redelike gronde en as voorkomende maatreël toegepas word, alleen indien die leerder van ernstige wangedrag verdink word en ŉ redelike geleentheid gebied word om vertoë in verband met sodanige skorsing te rig.[233]

Indien die leerder tydens die verhoor skuldig bevind word aan ernstige wangedrag, kan tydelike skorsing opgelê word wat nie sewe skooldae oorskry nie, of enige ander sanksie soos in die gedragskode van die skool uiteengesit.[234] Andersins kan die beheerliggaam ŉ aanbeveling aan die Hoof van die Departement van Onderwys rig dat die leerder permanent uit die skool geskors word, waarna die Hoof van die Departement binne 14 dae na ontvangs van sodanige aanbeveling die besluit moet neem.[235]

Artikel 9(4) bepaal dat ŉ leerder of die ouer van ŉ leerder wat permanent geskors word, binne 14 dae na ontvangs van die kennisgewing van permanente skorsing, teen die beslissing van die Hoof van die Onderwysdepartement by die Lid van die Uitvoerende Raad appèl kan aanteken. ŉ Leerder wat teen skorsing appelleer moet,

---

231 Reyneke 2011 *PER* 128.

232 Bray "Law, Education and the Learner" 484.

233 A 9(1A) van die *Skolewet:*

'n Beheerliggaam moet binne sewe skooldae na die skorsing van 'n leerder dissiplinêre verrigtinge teen sodanige leerder hou op die wyse in a 8 beoog.

234 Bray "Law, Education and the Learner" 485.

235 Aa 9(1C) tot (1D) van die *Skolewet*.

hangende die finale besluit, toegang tot die skool geniet op 'n wyse deur die departementshoof voorgeskryf.[236]

Alhoewel hierdeur probeer word om die oortreder se reg op onderwys so ver as moontlik te respekteer, laat dit veel te wense oor met betrekking tot die werklike bereddering van die situasie. Tydelike en permanente skorsing van leerders het ten doel om hulle so spoedig moontlik uit die skoolomgewing te verwyder en wend geen poging aan om hulp aan die slagoffer te verleen nie.[237] Verder bring vergeldende beregting nie 'n einde aan wangedrag nie. Dit blyk duidelik uit die hoeveelheid leerders of sogenaamde "probleemkinders" wat herhaaldelik vir dieselfde oortredings gestraf word.[238]

3.2.2.1 Oogmerk van skorsing

Voordat alternatiewe vir huidige vergeldende beregtingsmetodes oorweeg kan word, moet twee belangrike begrippe beskou word, naamlik dissipline en straf. Die huidige dissiplinêre maatreëls in skole streef vergelding, eerder as rekonsiliasie en herstel na. Dissipline word as sinoniem van straf beskou, maar tog is die twee begrippe in wese verskillend.[239]

Straf vorm deel van 'n outoritêre benadering tot die bestuur van 'n skool wat gebaseer is op die siening dat kinders deur volwassenes beheer moet word en dat straf as afskrikmetode die beste manier is om beheer uit te oefen. Hierdie metodes is reaktief, bestraffend en vernederend, eerder as regstellend en koesterend. Hierdie rigiede benadering is gebaseer op die aanname dat leerders deur vrees gedryf word.[240]

Navorsing toon dat skoolveiligheid en dissipline in werklikheid negatief beïnvloed word deur die toepassing van vergeldende beregting of straf deurdat die

236 A 9(6) van die *Skolewet*.
237 Daar word gefokus op straf, eerder as die herstel van skade of versoening van partye.
238 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 7.
239 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 9.
240 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 9.

deurslaggewend belangrike verhouding tussen opvoeder en leerder vernietig word ter wille van militaristiese, onpersoonlike en eenvormige prosedures.[241]

Die Konstitusionele Hof het in *S v M*[242] die belangrikheid van herstellende geregtigheid beklemtoon, en beslis dat die Grondwet die tradisionele oogmerke van straf herskryf het. Dissipline moet dus wegbeweeg van straf of vergelding en gebruik word om die skoolomgewing proaktief en opbouend te bestuur. In ŉ stelsel waar dissipline eerder as straf nagestreef word, sal leerders op ŉ opvoedkundige wyse tereggewys word en die waarde van selfbeheersing en respek aanleer.[243] Hierdie leerders is meer gewillig om verantwoordelikheid vir die gevolge van hulle dade te aanvaar. Volgens die *Skolewet* moet die hoofdoel van die gedragskode van ŉ skool die bevordering van positiewe dissipline wees.[244] Die positiewe dissipline mag nie bestraffend van aard wees nie en moet ŉ opbouende leeromgewing daarstel.[245]

### *3.3 Samevattend*

In 1995 het die saak van *S v Williams*[246] opspraak gemaak toe die Konstitusionele Hof moes beslis oor die grondwetlikheid van die toepassing van lyfstraf op kinders.[247] Daar is beslis dat lyfstraf ongrondwetlik is ingevolge artikels 10 en 11 van die tussentydse Grondwet.[248] Die beslissing van *S v Williams* was ŉ mylpaal in die oorgang na ŉ demokratiese bestel wat die fundamentele regte van elke burger koester.

Ingevolge artikel 29 van die Grondwet het elkeen die reg op basiese onderrig en dus die reg op toegang tot onderrig.[249] Skorsing, hetsy tydelik of permanent, maak inbreuk op hierdie fundamentele reg. Verder bepaal artikel 28 dat die beste belang van die kind die primêre oorweging sal wees in alle aangeleenthede rakende

241 Ayers, Ayers en Dohrn "Resisting Zero Tolerance" xii.
242 *S v M* 2007 2 SACR S39 (KH).
243 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 9.
244 A 18A(2) van die *Skolewet* en paragraaf 1.6 in AK 776 in SK 18900 van 15 Mei 1998.
245 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 9.
246 *S v Williams* 1995 3 SA 632 (KH).
247 Oosthuizen en Rossouw *Fundamentals of Education Law* 16.
248 Oosthuizen en Rossouw *Fundamentals of Education Law* 16.
249 Oosthuizen en Rossouw *Fundamentals of Education Law* 19.

kinders.[250] Aangesien behoorlike onderrig ongetwyfeld in die beste belang van die kind is, sal die toepassing van dissiplinêre maatreëls wat gehoor gee aan menswaardigheid asook vryheid en sekuriteit van die persoon, verseker dat die beste belange van leerders seëvier. Herstellende geregtigheid bied hierdie opsie aan beheerliggame. Dit is nietemin belangrik om ondersoek in te stel rakende suksesvolle wyses waarop herstellende geregtigheid elders toegepas word. Dit kan aan skoolleierskap leiding gee oor die wyse waarop herstellende geregtigheid effektief geïmplementeer kan word om blywende resultate in Suid-Afrika te verseker.

250 A 28 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

## 4 Kritiese ontleding en regsvergelykende studie

### *4.1 Navorsingsmetode*

Die ondersoek van die ervarings en ontwikkelinge van buitelandse onderwysstelsels is noodsaaklik vir die evaluering van ons eie onderwysstelsel asook die verbetering daarvan. ŉ Studie van die ervarings van buitelandse onderwysstelsels wat met dieselfde opvoedkundige probleme geworstel het, kan nuttig wees ten einde die volle omvang en implikasies van dié probleme te openbaar, asook om al die oorsake daarvan toe te lig.[251]

Wanneer met die Onderwysreg omgegaan word, is dit belangrik om te onthou dat sistematiese ondersoek verwys na ŉ vorm van historiese regsnavorsing en nie kwalitatiewe of kwantitatiewe navorsing nie. Bogenoemde is gegrond in die historiese aard van die reg en sy afhanklikheid van presedent. Die studie van Onderwysreg in Suid-Afrika vereis dat die verlede in oënskou geneem word en, weens die afwesigheid van enige presedent, ander lande se hantering van 'n probleem om sodoende die nodige gesag te vind. Dit is so omdat die reg gegrond is op die navolging van ŉ presedent; die gesaghebbende uitspraak van hoër howe in ŉ gegewe jurisdiksie is bindend op laer howe.

Verder is die reg geneig om reaktief eerder as proaktief te wees. Die rede hiervoor is dat die presedent wat deur gebeure uit die verlede geskep word stabiliteit verseker in die toepassing van regsbeginsels.[252]

Die oorweging en, onder gepaste omstandighede, navolging van die voorbeelde wat ander lande bied, is daarom aanvaarde gebruik waar daar bykans geen presedent in eie jurisdiksie bestaan nie. Suid-Afrikaanse skole het tot dusver daarin gefaal om herstellende geregtigheid suksesvol in enige dissiplinêre optrede toe te pas, aangesien die *Skolewet* steeds voorsiening maak vir die toepassing van vergeldende beregting wat blindelings deur skolebeheerliggame nagevolg word.

251 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 2.
252 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 2.

Hierdie hoofstuk ondersoek die maniere waarop ernstige vorme van wangedrag in skole op regsgeldige en herstellende maniere in die nasionale onderwysstelsels van die Verenigde Koninkryk, Australië en Nieu-Seeland hanteer word.

Weens die universele aard van die onderwerp sal daar regsvergelykend gekyk word na aspekte rakende die suksesvolle implementering van herstellende geregtigheidsprogramme in die Verenigde Koninkryk, spesifiek Groot Brittanje, weens die historiese verbintenis met daardie regstelsels.

Die toepassing van herstellende geregtigheid in skole in Australië en Nieu-Seeland sal ook beskou word weens die oorsprong van verskeie herstellende praktyke binne hierdie regstelsels. Hierdie studie sal egter nie in die geheel ŉ vergelykende studie daarstel nie.

## *4.2 Herstellende geregtigheid binne skoolverband in die Verenigde Koninkryk*

Herstellende benaderings bied aan skole 'n verskeidenheid praktyke wat wedersydse respekvolle verhoudings en gedrag bevorder, afknouery hanteer en samehorigheid in die gemeenskap uitbou. Dit is waarom herstellende geregtigheid 'n raamwerk bied waarbinne bestaande dissiplinêre maatreëls in skole hervorm kan word om selfregulerende leerders te ontwikkel en sodoende ŉ positiewe leeromgewing te skep.

Alan Steer[253] is ŉ voorstander van herstellende geregtigheid in die Verenigde Koninkryk en beywer hom vir die vestiging van stelsels wat swak gedrag aanspreek en vinnige, intelligente en doeltreffende ingrypings daarstel wat die belange van die meerderheid beskerm, terwyl die oorsake van wangedrag aangespreek word. Steer is dit eens dat vergelding nooit toepaslik vir kinders kan wees nie, maar eerder tot mislukking gedoem is weens die skade wat kinders daardeur ly.[254] Sodanige skade sal ook uitkring na die gemeenskap.

---

253 Alan Steer is die voormalige skoolhoof van Seven Kings Comprehensive School in Ilford, East London. Die Minister van Onderwys in die Verenigde Koninkryk het verskeie van Steer se aanbevelings geïmplementeer in nasionale leer- en onderrigbeleide.

254 Clark en Flanagan *Restorative Approaches in Schools* 13.

Herstellende benaderings wat in skole in die Verenigde Koninkryk gebruik word, word gelei deur *inter alia* die *RaiS*-program en -handleiding.[255] ŉ Herstellende benadering vereis volgens hulle 'n paradigmaskuif, in beide die taalgebruik van opvoeders asook die wyses waarop onvanpaste gedrag aangepak word. Herstellende geregtigheid is volgens die *RaiS*-handleiding ŉ paradigma, nie ŉ program nie.[256] Dit vereis eerstens ŉ gedagteskuif van diegene wat vir die toepassing daarvan verantwoordelik is. In skole word dikwels teruggekeer na die uitgangspunt van: "Wat het gebeur?" "Wie is te blameer?" en "Wat moet ek doen om die oortreder te straf?" Hierdie uitgangspunt moet vanuit die staanspoor verander word.

Deur ondervraging en die toepassing van herstellende praktyke word die betrokke partye die geleentheid gegun om hul weergawes te vertel, hul perspektiewe te deel en na geluister te word op ŉ manier wat die partye van vooroordeel vrywaar. Herstellende taal bou daarop voort en vra eerder: "Wie is geraak deur wat gebeur het, en op watter wyse?"[257]

Flanagan[258] en Clark[259] inkorporeer herstellende benaderings in ŉ program met die naam *Social and Emotional Aspects of Learning* (SEAL), ŉ program wat daarop gemik is om meer selfstandige en selfregulerende leerders te ontwikkel.

Daar is drie fases waarvolgens herstellende geregtigheid in enige skool in die Verenigde Koninkryk voorgestel word.[260] Die eerste fase vereis die skepping van ŉ herstellende etos.[261] Die opleiding van alle personeellede is hier van uiterste belang. Die bewusmaking en bevordering van ŉ goeie begrip van die filosofie, sielkunde en die voordele van herstellende geregtigheid is noodsaaklik.

---

255 RaiS is geskep deur Helen Flanagan en Janet Clark.

256 McCold 2006 www.iirp.edu/pdf/beth06_mccold.pdf.

257 Clark en Flanagan *Restorative Approaches in Schools* 13.

258 Helen Flanagan is ŉ Senior Bestuurder van Lancashire Country Council wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van herstellende benaderings. Sy is ook ŉ *Senior Associate Consultant* vir *Restorative Solutions* in die Verenigde Koninkryk.

259 Janet Clark het ŉ BA Honneursgraad in Onderwys en het meer as agt jaar ondervinding in die toepassing van herstellende geregtigheid in skole. Janet se vorige posisie was dié van koördineerder van herstellende benaderings in Londen vir die *Youth Justice Board* se "restorative justice in schools"-projek.

260 Clark en Flanagan *Restorative Approaches in Schools* 11.

261 Clark en Flanagan *Restorative Approaches in Schools* 11.

Die tweede fase impliseer dat genomineerde personeel en leerders genader sal word om ʼn groter rol te speel in die implementering van herstellende geregtigheid.[262] Dit sluit meer intensiewe opleiding van ʼn kleiner hoeveelheid personeel in. Hierdie personeel sal verantwoordelik wees vir die hantering van minder ernstige insidente en onvanpaste gedrag. Die personeel wat op hierdie vlak betrokke is mag leierskapposisies beklee, hetsy departementeel of pastoraal. Die opleiding sluit mediasie of herstellende spanwerk in, wat leerders oplei in die ondersteuning van hul klasmaats in konfliksituasies, hoofsaaklik tydens pouse. Dit is noodsaaklik om te verseker dat daar ʼn personeellid aangestel word om toesig te hou oor die leerlinge wat ook hiervoor opgelei word.

Fase drie behels dat sleutelpersoneel, beheerliggame en ouers by opleiding ingesluit word.[263] Die opleiding word egter verskerp om te verseker dat die genoemde rolspelers kennis dra van die breë spektrum van alle prosesse, insluitend herstellende konferensies en mediasie. Onder die personeel wat op hierdie vlak opleiding ontvang, sal ʼn lid van die meer senior leierskap die rol van "*restorative approaches champion*" moet vervul. Hierdie persoon sal die verantwoordelikheid hê om die toepassing van herstellende geregtigheidsprosesse te monitor en diegene te ondersteun wat sukkel met die praktiese toepassing van die prosesse.

Steer merk op dat daar ʼn uitbreiding van die magte van alle skoolbeheerliggame is om hul gedragskodes te ondersoek, asook ʼn plig om die sienings van leerlinge en ouers in ag te neem.[264] Implementering van herstellende benaderings word gelei deur sterk bestuur, spesifiek beheerliggame, met ʼn duidelike visie van wat bereik moet word. Die benadering word geprioritiseer en senior leierskapspanne skryf herstellende benaderings in hul skoolverbeteringsplanne of –beleide in. Sodra die visie deur belanghebbendes verstaan en aanvaar word en die benadering deel van die beplanningsproses vorm, sal herstellende praktyke in werking tree.[265]

In Groot Brittanje heers wydverspreide kommer oor die bevindinge van die Buro vir Standaarde in Onderwys (hierna die Buro), die nasionale regering se

262 Clark en Flanagan *Restorative Approaches in Schools* 11.
263 Clark en Flanagan *Restorative Approaches in Schools* 12.
264 Clark en Flanagan *Restorative Approaches in Schools* 13.
265 Clark en Flanagan *Restorative Approaches in Schools* 13.

skoolinspektoraat.[266] Hierdie bevindinge dui daarop dat leerderdissipline glad nie bevredigend is in byna ŉ vyfde van Engeland se sekondêre skole nie. Die Minister van Onderwys het sy kommer uitgespreek oor die Buro se bevinding dat een uit elke vyf sekondêre skole minder as bevredigend vaar met betrekking tot leerderdissipline.[267]

Gedurende die 2009/2010 skooljaar was daar 279 260 gevalle van skorsing uit sekondêre skole en 37 210 gevalle van skorsing van leerders uit primêre skole.[268] Artikels 89-96 van die *Education and Inspections Act*[269] bepaal dat elke skool ŉ gedragsbeleid moet hê. Skole word bestuur deur beheerliggame wat bestaan uit die hoof van die skool, ouers, personeel, gemeenskapslede en lede van die plaaslike owerheid. Een van die belangrikste pligte van beheerliggame, in oorleg met die opvoeders, is om die gedragskode te bepaal.

Die opvoeders is verantwoordelik vir die ontwikkeling en implementering van die gedragskode. Hulle moet die standaarde van wat van leerders verwag word aanpak. Die toepassing van skoolreëls is verder die taak van hierdie aangestelde opvoeders.[270]

Opvoeders en assistente, sowel as ander personeellede wat vir enige leerders verantwoordelik is, het die mag om leerders wat hulself wangedra of versuim om redelike instruksies uit te voer, te dissiplineer. Personeel het die mag om leerders vir verbode items te deursoek, maar mag dit slegs met hulle toestemming doen. As ŉ lid van die personeel vermoed dat ŉ leerder wapens, alkohol, onwettige dwelms of gesteelde items in sy of haar besit het, mag die leerder se besittings sonder sy/haar toestemming deursoek word. Opvoeders en ander skoolpersoneel is gemagtig om strawwe vir ongewenste gedrag op te lê, en sodanige dissiplinêre maatreëls kan verskeie vorme aanneem.

266 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 4.
267 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 4.
268 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 4.
269 *Education and Inspections Act* of 2006.
270 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 4.

Skorsing, met verwysing na beide permanente en tydelike skorsing, kan in gevalle van ernstige wangedrag toegepas word, maar dit is nie ŉ straf wat ligtelik opgelê word nie. Daar word deur die Departement van Onderwys erken dat daar baie negatiewe gevolge voortspruit uit skorsing, nie net vir die individue wat geskors word nie, maar ook vir hulle medeleerders, skool, personeel en ouers. Die Departement moedig skole aan om eerder alternatiewe vir hierdie straf te oorweeg.

Vir geringe oortredings word die uitspreek van ŉ opvoeder se afkeur of teleurstelling as voldoende beskou. Vir gedrag waarby die gebruik of besit van verbode items betrokke is, word die konfiskering van ŉ leerder se eiendom as redelike optrede beskou. Vir meer ernstige gevalle van wangedrag bepaal die Departement van Onderwys die volgende:[271]

- Verwysing: Leerders bly ingeskryf by hul skole, maar woon klasse by op alternatiewe terreine. In sulke gevalle kan spesiale eenhede gebruik word as leerder-verwysingseenhede, wat insluit die dienste van die *Common Assessment Framework*, die *National Health Service* en die *Special Educational Needs* eenheid.
- Herstellende geregtigheid: In hierdie gevalle word leerders wat verlies of lyding van ander kinders veroorsaak versoek om vergoeding vir die verlies of die herstel van die skade te verseker.
- Bemiddeling: Dit betrek ouers of familielede, ander kinders en hul gesinne, inwoners van die gemeenskap rondom die skool en/of die plaaslike godsdiensleiers.
- Interne uitsluiting: Dit maak voorsiening vir ontwrigtende leerders om tydelik verwyder te word, of om hulle van ander weg te neem na 'n stil of terapeutiese kamer, waar hulle in ŉ veilige omgewing uiting aan hul emosies kan gee.
- Oorplasing na 'n ander skool: Dit is 'n vrywillige proses waartydens die onderskeie hoofde van skole kan onderhandel oor die verskuiwing van die leerder op 'n tyd of plek wat in die kind se beste belang is.

Wanneer leerders vir 'n bepaalde termyn geskors word, het die ouer die reg om die besluit uit te daag - hetsy by ŉ hersieningsvergadering of via 'n brief aan die beheerliggaam, afhangende van die tydsduur van die skorsing.[272] Indien ŉ leerder permanent geskors word moet die beheerliggaam vergader om die besluit te hersien en óf die hoof se besluit om te skors handhaaf, óf beveel dat die leerder toegelaat

271 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 4.
272 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 4.

word om terug te keer skool toe.[273] Indien die beheerliggaam die skorsing handhaaf, het die ouer of voog die reg om te appelleer na ŉ onafhanklike paneel wat deur die plaaslike Opvoedkundige Owerheid aangestel word. Die besluit van ŉ onafhanklike paneel is bindend op alle partye. Tog het ouers en beheerliggame die reg om te appelleer na ŉ Hoë Hof as hulle van mening is dat die besluit onregmatig was of dat 'n redelike paneel tot ŉ ander slotsom sou kom.

Alle skoolpersoneel het steeds die mag om redelike geweld te gebruik om leerders in toom te hou en te verhoed dat hulle skade aan hulself, ander kinders, personeel of skooleiendom aanrig.[274] Daar is spesiale leiding oor die gebruik van beperkende fisiese ingrepe rakende kinders wat uiterste gedrag toon, maar lyfstraf in Britse staatskole is in 1987 reeds deur die parlement verbied.[275]

Tans word daar nie in die Verenigde Koninkryk ŉ suiwer herstellende raamwerk in skooldissiplinêre optrede toegepas nie. Daar vind steeds gevalle van vergeldende beregting plaas, hetsy in die vorm van skorsing of die toepassing van redelike geweld. Herstellende geregtigheid kan alleen slaag indien dit as die enigste keuse in skooldissiplinêre optrede beskou word. Alleen dan sal die toegewyde toepassing van herstellende optrede moontlik wees.

Dit is moontlik dat die Buro se bevindinge nie na wense is nie vanweë die uiteenlopende en onversoenbare benaderings tot skooldissiplinêre optrede wat tans in die Verenigde Koninkryk aan die orde van die dag is. Sodra herstellende geregtigheid in skole deur die drie fases soos hierbo uiteengesit bekendgestel is en die herstellende optrede suksesvol in werking gestel is, moet herstellende geregtigheid as ŉ universele, nie-onderhandelbare instelling toegepas word.

In Suid-Afrika bepaal die *Skolewet* dat die beheerliggaam ŉ gedragskode moet saamstel en aanvaar wat gemik is op die verwesenliking van ŉ doelgerigte en gedissiplineerde leeromgewing wat die verbetering en volhouding van hoë gehalte-onderrig verseker. Ingevolge voorgeskrewe prosedures is die Minister gemagtig om

---

273 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 4.
274 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 4.
275 Volgens Wolhuter en Russo is lyfstraf in 1999 verbied in Engeland en Wallis, in 2000 in Skotland en in 2003 in Noord-Ierland.

riglyne voor te skryf wat beheerliggame moet oorweeg voordat gedragskodes aanvaar word.[276] Indien die Minister iets soortgelyk aan die *RaiS- of SEAL*-program vir beheerliggame voorskryf, sal beheerliggame gedwing word om dit te oorweeg by die opstel van gedragskodes. Daardeur sal herstellende geregtigheid spoedig tot op grondvlak kan deursypel na die Suid-Afrikaanse Onderwysreg.

### *4.3 Herstellende geregtigheid binne skoolverband in Australië*

In Australië bestaan die staat uit ses provinsies en twee selfregerende gebiede. Elke provinsie het sy eie Departement van Onderwys.[277] Die magte en funksies van die Ministers van Onderwys en hul departemente word in wetgewing uiteengesit en is gewoonlik van wye omvang. Die wye aard van wetgewing sluit byvoorbeeld in die daarstelling, instandhouding en sluiting van skole en opvoedkundige dienste; die toekenning van hulpbronne; die beheer van dissipline; vestiging van riglyne vir gedragskodes, en goedkeuring van onderrigprogramme.[278] Op skoolvlak is skoolhoofde verantwoordelik vir die daaglikse bestuur van skole. Alle skole het rade (beheerliggame), hoewel hul magte aansienlik verskil van provinsie tot provinsie.

Die samestelling en implementering van onderwyswetgewing en -beleide word onderskryf deur beginsels wat 'n proaktiewe, positiewe en opvoedkundige benadering tot dissipline ondersteun en uitvoering gee aan die bestuur van gedrag op ŉ wyse wat kinders se fundamentele regte en vryhede ondersteun.[279]

Die dissiplinêre beleid van die provinsie van Nieu-Suid-Wallis lui dat alle studente en personeel ŉ reg het om regverdig en met waardigheid behandel te word in ŉ omgewing wat vry is van ontwrigting, intimidasie, teistering, viktimisasie en diskriminasie.[280] Dit is ook die onderliggende filosofie van die Nasionale Veilige Skole-raamwerk (NSSB)[281] wat in 2003 geloods is met die doel om 'n stel algemene

276 A 8(3) van die *Skolewet*.
277 Wolhuter en Russo 2013 *Koers 7.*
278 Wolhuter en Russo 2013 *Koers 7.*
279 Wolhuter en Russo 2013 *Koers 7.*
280 Nieu-Suid-Wallis Departement van Onderwys en Opleiding 2011.
281 *National Safe Schools Framework.*

beginsels vir die vestiging van veilige en ondersteunende skoolomgewings daar te stel.[282]

Onderwyswetgewing bepaal gewoonlik dat dit een van die funksies van opvoeders is om leerders te monitor en behoorlike orde en dissipline te handhaaf.[283] Opvoeders kan ŉ verskeidenheid benaderings en strategieë gebruik om leerders se gedrag te bestuur in ooreenstemming met wetgewing, administratiewe riglyne en die skool se beleid. Lyfstraf word egter verbied in alle skole, behalwe in die Noordelike Gebied.[284] Die metodes vir die handhawing van dissipline sluit in: detensie, gemeenskapsdiens, tydelike en permanente skorsing.[285]

Die mag om leerders tydelik of permanent te skors verskil van provinsie tot provinsie. In sommige provinsies, soos Victoria, mag skoolhoofde leerders net skors op aandrang van die Minister van Onderwys.[286] In ander, soos Suid-Australië of Queensland, het die skoolhoof ŉ diskresie om leerders te skors al dan nie.[287] Prosedures vir die hantering van skorsing word in wetgewing, regulasies en departementele riglyne uiteengesit. Die fundamentele beginsel van natuurlike geregtigheid vorm die grondslag van hierdie prosedures. Klem word gelê op die reg om aangehoor te word asook die reg tot regverdige en onpartydige besluite. Beide ouers en leerders moet behoorlike kennisgewing van sodanige verhore ontvang.[288]

In die algemeen moet daar uitvoering gegee word aan natuurlike geregtigheid voordat enige besluite rakende die skorsing van leerders geneem word. Die gebruik het nou onstaan waarvolgens onmiddellike skorsing in gevalle van ernstige wangedrag opgelê kan word.[289] Dit word beskou as gepaste reaksie in gevalle van kriminele gedrag en/of gevalle waar die leerder se wangedrag die gesondheid, welstand en veiligheid van ander op die spel plaas.[290]

282 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 7.
283 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 7.
284 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 7.
285 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 25-26.
286 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 7.
287 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 7.
288 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 27.
289 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 8.
290 Asmal *Alternatives to Corporal Punishment* 26.

### *4.4 Herstellende geregtigheid binne skoolverband in Nieu-Seeland*

In 1987 het ŉ groot hervorming van die Nieu-Seelandse onderwysreg plaasgevind. Die verkiesing van ŉ neo-liberale party het gelei tot die herstrukturering van die onderwysstelsel.[291] Hierdie hervorming is omskep in wetgewing, naamlik die Wet op Onderwys van 1989.[292] Die administrasie van alle skole is sedertdien deur ŉ plaaslike raad van trustees hanteer en nie deur die staat nie.[293]

Alle opvoeders moet by die Raad vir Onderwysers (*Teacher's Council*) registreer, en die etiese kode van die raad plaas 'n statutêre verpligting op hulle om "die fisiese, emosionele, sosiale, intellektuele en geestelike welstand van die leerders te bevorder".[294]

Owerhede plaas ŉ groot verantwoordelikheid op opvoeders en skole met betrekking tot die skepping en instandhouding van veilige en voordelige leeromgewings. Artikel 60A van die Wet op Onderwys vereis dat opvoeders of skoolamptenare enige sake aan ouers moet rapporteer wat verband hou met leerders se vordering of die agteruitgang van 'n leerder se verhouding met opvoeders of medeleerders.[295]

Die skoolhoof het ŉ plig om te verseker dat leerders die nodige hulp ontvang wat nodig is om hulle gedrag aan te pas.[296] Ouers moet by die hantering van gedragsprobleme betrek word.[297] Nieu-Seeland het ook die *United Nations Convention on the Rights of The Child* onderteken.[298] Dit bevestig die reg op beskerming teen geweld[299] asook 'n reg op onderrig wat respek kweek vir kinders se fundamentele regte en identiteit.[300] Nieu-Seeland het verder in 1990 die *Bill of Rights Act* aanvaar. Dit omsluit die reg van individue om nie aan buitensporige of

291 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 8.
292 *Education Act* van 1989.
293 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 8.
294 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 8.
295 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 8.
296 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 8.
297 Dit bevorder die betrokkenheid van belangepartye.
298 United Nations Convention on the Rights of the Child (1989) (hierna die CRC).
299 A 19 van die CRC.
300 A 28 van die CRC.

onmenslike straf blootgestel te word nie,[301] asook die beskerming teen onredelike beslaglegging en deursoeking.[302]

Die Minister van Onderwys het nietemin in 2011 verklaar dat hierdie regte onderhewig is aan skole se plig om veilige leeromgewings te skep.[303] Indien ŉ opvoeder dus vermoed dat ŉ leerder in besit is van gevaarlike voorwerpe kan die opvoeder die leerder deursoek en, indien nodig, die items konfiskeer.

Gabrielle Maxwell en Sean Buckley van die Universiteit van Wellington het in samewerking met die Kommissaris van Kinders (*Office of the Children's Commissioner*) ŉ verslag saamgestel vir skoolhoofde, lede van die raad van trustees en ouers rakende die toepassing van herstellende praktyke in hoërskole.[304]

Die verslag, genaamd "*Respectful Schools: Restorative Practices in Education",* beskryf verskeie herstellende praktyke wat deur skole as alternatief tot skorsing toegepas kan word. Herstellende konferensies is een van die voorgestelde praktyke in die verslag. Volgens Buckley en Maxwell behoort herstellende konferensies gebruik te word in reaksie op ernstige dissiplinêre probleme en behels dit die deelname van ŉ opgeleide fasiliteerder wat die konferensie organiseer.[305] Die konferensie word deur alle belanghebbende partye bygewoon, insluitend die leerder, sy/haar gesin, opvoeders en slagoffers.

ŉ Verdere praktyk wat deur die verslag voorgestel word is ŉ sogenaamde "restorative chat", waartydens ŉ personeellid en die oortreder (soms ook die slagoffer) samesprekings hou oor wat gedoen kan word om die skade van sy/haar optrede te herstel.[306]

Die skrale sukses van die tradisionele (reaktiewe, vergeldende) maatreëls vir die handhawing van dissipline in Nieu-Seelandse skole het gelei tot ŉ verskuiwing na

301 A 9 van die *Bill of Rights Act,* 1990.
302 A 21 van die *Bill of Rights Act,* 1990.
303 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 8.
304 Buckley en Maxwell 2007 igps.victoria.ac.nz/events/downloads/Respectful%20schools.pdf.
305 Buckley en Maxwell 2007 igps.victoria.ac.nz/events/downloads/Respectful%20schools.pdf.
306 Buckley en Maxwell 2007 igps.victoria.ac.nz/events/downloads/Respectful%20schools.pdf.

meer herstellende benaderings. Die Departement van Onderwys het riglyne vir die bestuur van gedrag op sy webblad gepubliseer.[307]

Die webblad, bekend as "*Positive Behaviour for Learning",* sit die minister se aksieplan vir dissiplinêre optrede uiteen en beklemtoon die beginsel dat skole se onderliggende kultuur sterk deur leerders se gedrag beïnvloed word. Dit sit 'n reeks proaktiewe strategieë vir die bestuur van leerders se gedrag uiteen. Anders as in Australië plaas Nieu-Seelandse skole klem op die toepassing van herstellende praktyke, eerder as skorsing, om die daarstelling van voordelige leeromgewings te verseker. Verder word ouers en gemeenskapslede se betrokkenheid aangemoedig deur *inter alia* artikel 60A van die Wet op Onderwys.

### *4.5 Praktyke in Suid-Afrikaanse skole*

Suid-Afrika het groot vordering gemaak met die toepassing van herstellende beginsels in die alledaagse strafregstelsel. Dit stel ʼn vrugbare grondslag daar vir die uitbreiding van herstellende geregtigheid na verskeie sfere van die reg. Ongelukkig was die implementering van herstellende geregtigheid tot dusver inkonsekwent en omstrede. Sekere kerninisiatiewe in die Suid-Afrikaanse milieu, asook internasionale praktyke, moet oorweeg word ten einde te bepaal wat geslaagd is.[308]

In ʼn empiriese studie deur Wolhuter het ʼn beduidende persentasie van Suid-Afrikaanse opvoeders aangedui dat hulle gereeld met geweld gekonfronteer word.[309] Die mees ontstellende bevinding van die studie was dat opvoeders nie weet hoe om met dissiplinêre probleme om te gaan nie. Hierdie situasie is bevestig deur ʼn studie van die Sentrum vir Geregtigheid en Misdaadvoorkoming.[310]

Dié studie berig dat daar in 2011 meer as 124 000 voorvalle van lyfstraf deur leerders aangemeld is.[311] Dit wek ernstige kommer aangesien lyfstraf reeds in 1996 afgeskaf is. Opvoeders wat hulself aan die toepassing van lyfstraf skuldig maak kan

307 Die webtuiste genaamd "Positive Behaviour for Learning" sit verskeie strategieë uiteen waarvolgens leerders se gedrag op ʼn positiewe en proaktiewe wyse bestuur kan word.
308 Hargovan 2011 *Acta Criminologica* 69.
309 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 1.
310 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 1.
311 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 1.

strafregtelik vervolg word. Dit dui nietemin op die desperaatheid van opvoeders om beheer oor hulle klaskamers te kan uitoefen.[312]

Wanneer ernstige dissiplinêre probleme in die gesig gestaar word kan internasionale vergelykings as rigtingaanwyser dien vir leerders, opvoeders, beleidmakers en die publiek. Uit ŉ internasionale vergelykende opname het dit geblyk dat, in lande soos Australië en Nieu-Seeland waar hedendaagse menseregte konvensies toegepas word, voorsiening gemaak word vir die onmiddellike skorsing van leerders wat redelikerwys van ernstige oortredings verdink word. Sodanige optrede blyk meer drasties te wees as wat tans in Suid-Afrika die geval is. Leerders in Suid-Afrikaanse skole kan nie sonder meer aan dissiplinêre optrede onderwerp word indien hulle bloot verdink word van ŉ oortreding nie. Suid-Afrikaanse regslui moet daarom daarteen waak om internasionale tendense blindelings na te volg.

Uit hierdie internasionale opnames is ook belowende modelle opgespoor, *inter alia* die Nasionale Veilige Skole-raamwerk (NSSB) van Australië en die twee modelle van Nieu-Seeland, naamlik die benaderings vervat in die "*Respectful Schools: Restorative Practices in Education"* en die Minister van Onderwys se aksieplan getiteld "*Positive Behaviour for Learning"*.[313] Suid-Afrikaanse opvoeders, skole en opvoedkundige owerhede kan bogenoemde modelle met groot vrug bestudeer vir leiding op hierdie gebied.

Opvoedkundige leiers en regslui in Suid-Afrika moet voorstelle oorweeg wanneer die ontwerp van ŉ beleid vir leerderdissipline oorweeg word:

Eerstens moet leiers verseker dat diegene wat vir die ontwikkeling van sodanige beleide verantwoordelik is alle belanghebbendes insluit.[314] Die rede hiervoor is dat samewerking van uiterse belang is omdat hierdie beleide alle betrokke partye sal beïnvloed.

312 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 1.
313 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 1.
314 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 9.

Tweedens moet so 'n beleid duidelike en akkurate definisies van verbode gedrag soos afknouery, intimidasie, teistering en ander onaanvaarbare gedrag insluit.[315] Aangesien ŉ beleid wat strawwe vir sulke oortredings oplê dikwels as vaag of onduidelik beskryf kan word, moet terminologie so akkuraat moontlik wees ten einde hierdie uitdagings te kan oorkom en skoolveiligheid te verseker.

Beleide moet by leerders en opvoeders se handleidings ingesluit word.[316] Ook moet van leerders en ouers verwag word om skriftelik te erken dat hulle die beleid gelees het en dit verstaan, en dat hulle onderneem om by hierdie bepalings in die handleidings te hou.

Opvoedkundige leiers moet voorsiening maak dat opvoeders jaarliks professionele ontwikkelingsgeleenthede rakende die hantering van dissiplinêre probleme in skole kan bywoon. Verder moet leiers ook opleidingsprogramme vir ouers aanbied om hulle te help om dissiplinêre beleide beter te verstaan en om beter te reageer op situasies waarin hulle kinders hulself aan wangedrag skuldig maak of self deur die wangedrag van ŉ medeleerder benadeel word.

Die skepping van ŉ herstellende etos in skole is noodsaaklik. Moontlike strategieë hiervoor sluit in die vertoning van plakkate teen skoolmure om leerders teen onvanpaste gedrag te waarsku. Ander strategieë vir die herstel van skade is *inter alia* die maak van kaartjies wat 'n verskoning bevat, of die maak van vriendskapsarmbande en origami-figure.[317] Die oortreder word dikwels deur so 'n armband of figuur herinner aan die skadestigtende gebeurtenis en die skade wat die slagoffer gely het. Die partye kan daardeur hulle verhouding herstel of ŉ persoonlike band vorm en met mekaar versoen raak.

In die geval van vandalisme moet die oortreder aandui hoe die beskadigde eiendom vervang, skoongemaak of herstel sal word.[318] Die oortreder moet, ongeag die aard van sy/haar oortreding, onderneem om homself/haarself in die toekoms aan

315 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 9.
316 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 10.
317 Reyneke 2011 *PER* 128.
318 Reyneke 2011 *PER* 128.

aanvaarbare gedrag toe te wy en om verskoning vra vir sy/haar onaanvaarbare gedrag in die verlede.

Leerders kry hierdeur die geleentheid om, in ŉ veilige omgewing met die nodige leiding van opvoeders, te leer wat is aanvaarbare toekomstige gedrag asook hoe om probleme op te los en verhoudings te herstel. Dit is in teenstelling met die huidige vergeldende benadering, waar dit geïmpliseer word dat "wanneer ons 'n kind straf vir wangedrag, ons hom aan homself oorlaat om te leer hoe om aanvaarbaar op te tree".[319]

319 Reyneke 2011 *PER* 128.

## 5 Gevolgtrekking

Dringende aandag behoort deur *inter alia* skole se beheerliggame, ouers, gemeenskappe en wetstoepassers geskenk te word aan gebrekkige dissipline in skole en negatiewe invloede op leerdergedrag, hetsy geweld in die samelewing of die media. Die oorbeklemtoning van individuele regte sowel as die afwesigheid van 'n openbare waardestelsel en selfgedissiplineerde rolmodelle noop leiers om ŉ waardegedrewe benadering tot die hantering van konfliksituasies te oorweeg.[320]

Die antwoord op die soeke na ŉ waardegedrewe ingesteldheid op die dissiplinering van leerders is sonder twyfel herstellende geregtigheid. Dit is ook deur die Konstitusionele Hof in *Le Roux v Dey* beklemtoon.[321] Herstellende geregtigheid is in hierdie saak na die siviele reg uitgebrei aangesien dit beskou is as die gepaste benadering tot ŉ situasie waar vergelding of straf as nutteloos beskou is.

Regter Sachs het lank gelede reeds die belang van herstellende geregtigheid geïdentifiseer en waardes soos deelname, herintegrasie, genesing en ontmoeting voorgeskryf vir die oplossing van konfliksituasies.[322] Die toepassing van herstellende geregtigheidsprogramme strook daarom ook met artikel 28 van die Grondwet wat bepaal dat die beste belang van kinders dié primêre oorweging moet wees in alle aangeleenthede rakende kinders.

*Usiko* is ŉ praktiese voorbeeld van so ŉ herstellende geregtigheidsprogram wat buite die formele regstelsel voorsiening maak vir ŉ waardegedrewe benadering tot die rehabilitasie en herintegrasie van sogenaamde probleemkinders in die samelewing.[323] Hierdie intervensie is deur die gemeenskap gesanksioneer en streef verder daarna om die samelewing op te lei in die toepassing van herstellende geregtigheid as alternatief tot huidige vergeldende benaderings.

Daar bestaan geen rede waarom die terapeutiese effekte van herstellende praktyke nie ook uitgebrei kan word na skooldissiplinêre aangeleenthede nie. Indien veral die

---

320 Lessing en De Witt 2011 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 407.
321 *Le Roux and Others v Dey* 2011 3 SA 274 (HH) 197.
322 *Dikoko v Mokhatla* 2006 6 SA 235 (HH).
323 Kruger, Rousseau en Van Oosterhout 2011 *Article* 7.

uitgebreide toepassing van herstellende geregtigheid in *inter alia* die Verenigde Koninkryk oorweeg word, word dit duidelik dat dit ook in Suid-Afrika haalbaar is. Die doel van herstellende geregtigheid is immers in ooreenstemming met die gees van *ubuntu* deurdat dit die genesing van skade, regstelling van wanbalanse, en die herstel van gebroke verhoudings voorskryf.[324]

Deur na die ervarings en ontwikkelings van buitelandse onderwysstelsels te verwys kan die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel geëvalueer en verbeter word. 'n Vergelykende studie van die ervarings van buitelandse onderwysstelsels in die toepassing van herstellende geregtigheidsprogramme is noodsaaklik ten einde die volle omvang en implikasies van die opvoedkundige probleme te openbaar, sowel as om die suksesse en tekortkominge van die programme te ontleed.[325]

Die deelname wat deur herstellende geregtigheid bewerkstellig word is nie net in ooreenstemming met die begrip *ubuntu* nie, maar ook met die Grondwetlike verbintenis tot menswaardigheid. Burgers van die land kry tydens so ŉ proses 'n geleentheid om die morele standaarde van die gemeenskap te verwoord en te bevestig.

Herstellende geregtigheid kan gevolglik as alternatiewe maatreël deur skole se beheerliggame toegepas word tydens dissiplinêre optrede. Dit sal die gemeenskap in staat stel om die onderliggende omstandighede wat skade genereer te identifiseer, en dra uiteindelik by tot die bevordering van veilige, vooruitstrewende en vreedsame gemeenskappe.[326]

---

324 Skelton 2010 *SAPR* 101.
325 Wolhuter en Russo 2013 *Koers* 2.
326 United Nations Office on Drugs and Crime 2006 www.unodc.org/pdf/criminal-justice/06-56290_Ebook.pdf.

**Bibliografie**

***Literatuur***


Allen 2013 *The University of Toronto Law Journal*

Allen J "Balancing Justice and Social Unity: Political Theory and the Idea of a Truth and Reconciliation Commission" 2013 *The University of Toronto Law Journal* 315-353

Asmal *Alternatives to Corporal Punishment*

Asmal K *Alternatives to Corporal Punishment* 2de uitg (Department of Education Pretoria 2001)

Ayers, Ayers en Dohrn "Resisting Zero Tolerance"

Ayers W, Ayers R en Dohrn B "Resisting Zero Tolerance" in Ayers W, Ayers R en Dohrn B (reds) *Zero Tolerance* (The New Press New York 2001) xii-

Barnes, Brynard en De Wet 2012 *SAJE*

Barnes K, Brynard S en De Wet C "The influence of school culture and school climate on violence in schools of the Eastern Cape Province" 2012 *South African Journal of Education* 69-82

Batley "Restorative Justice in the South African Context"

Batley M "Restorative Justice in the South African Context" in Maepa T (red) *Beyond Retribution: Prospects for Restorative Justice in South Africa* (Restorative Justice Centre Pretoria 2005) Hoofstuk 2

Bray "Law, Education and the Learner"

Bray E "Law, Education and the Learner" in Boezaart T (red) *Child Law in South Africa* (Juta Kaapstad 2009)

Gallinetti en Sloth-Nielsen 2011 *PER*

Gallinetti J en Sloth-Nielsen J " 'Just say sorry?' *Ubuntu,* Africanisation and the Child Justice System in the Child Justice Act 75 of 2008" 2011 *Potchefstroomse Elektroniese Regstydskrif* 63-90

Hargovan 2011 *Acta Criminologica*

Hargovan H "Evaluating Restorative Justice: Working out 'what works'" 2011 *Acta Criminologica* 67-82

Jakopovich 2011 *Peace Studies Journal*

Jakopovich D "A Humanist Defence and Critique of the South African Truth and Reconciliation Commission" 2011 *Peace Studies Journal* 51-65

Kruger, Rousseau en Van Oosterhout 2011 *Article*

Kruger M, Rousseau E en Van Oosterhout S "Diversion at Usiko: Ideals, obstacles and the way forward after one year of the CJA" 2011 *Article* 6-8

Naude, Prinsloo en Ladikos 2003 *Acta Criminologica*

Naude B, Prinsloo J en Ladikos A "Restorative Mediation Practices" 2003 *Acta Criminologica* 10-22

Le Roux en Mokhele 2011 *Africa Education Review*

Le Roux CS en Mokhele PR "The persistence of violence in South African schools: in search of solutions" 2011 *Africa Education Review* 318-335

Lessing en De Witt 2011 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

Lessing A en De Witt M "Stemme uit die Suid-Afrikaanse Onderwysunie-geledere oor dissipline" 2011 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 403-418

Louw, Steyn en Van Rensburg 2012 *Acta Academica*

Louw D, Steyn F en Van Rensburg D "Mentoring children guilty of minor first-time crimes: Methods, strengths and limitations" 2012 *Acta Academica* 106-133

Mackay "An Ethical Justification for the Theory of Law as Peacemaking"

Mackay RE "An ethical justification for the theory of Law as Peacemaking" in Dissel A, Parmentier S en Van der Spuy E (reds) *Restorative Justice: Politics, Policies and Prospects* (Juta Kaapstad 2007) 73-90

Maepa "The Truth and Reconciliation Commission as a Model of Restorative Justice"

Maepa T "The Truth and Reconciliation Commission as a Model of Restorative Justice" in Maepa T (red) *Beyond Retribution: Prospects for Restorative Justice in South Africa* (Restorative Justice Centre Pretoria 2005) Hoofstuk 6

McCold "The recent history of restorative justice"

McCold P "The recent history of restorative justice: Mediation, circles and conferencing" in Sullivan D en Tifft L (reds) *Handbook of Restorative Justice* (Routledge Oxon 2006) 23-51

Mbambo "Diversion: A Central Feature of the New Child Justice System"

Mbambo B "Diversion: A Central Feature of the New Child Justice System" in Maepa T (red) *Beyond Retribution: Prospects for Restorative Justice in South Africa* (Institute for Security Studies Pretoria 2005) 76-88

Naidoo en Pinnock 2006 *Article*

Naidoo T en Pinnock D "Restoring self respect through rituals in wild places" 2006 *Article* 18-19

Neser 2001 *Crime Research in South Africa*

Neser JJ "Restorative Justice as reaction to crime: Development and Conceptualisation" 2001 *Crime Research in South Africa* 1-9

Niemeyer en Shichor 1996 *Federal Probation Journal*

Niemeyer M en Shichor D "A Preliminary Study of a Large Victim/Offender Reconciliation Program" 1996 *Federal Probation Journal* 30-34

Oosthuizen en Rossouw *Fundamentals of Education Law*

Oosthuizen IJ en Rossouw JP *Fundamentals of Education Law* (Azarel Publishers Pothefstroom 2002) 16-27

Pretorius *Dispute Resolution*

Pretorius P *Dispute Resolution* (Juta Kaapstad 1993)

Reimund 2004 *Drake Law Review*

Reimund ME "The Law and Restorative Justice: Friend or Foe? A Systematic Look at the Legal Issues in Restorative Justice" 2004 *Drake Law Review* 667-692

Reyneke 2011 *PER*

Reyneke M "The right to dignity and restorative justice in schools" 2011 *Potchefstroomse Elektroniese Regstydskrif* 128-171

Sherman and Strang 2009 *Acta Criminologica*

Sherman LW en Strang H "Crime and Reconciliation: Experimental Criminology and The Future of Restorative Justice" 2009 *Acta Criminologica* 1-14

Skelton 2010 *SAPR*

Skelton A "Face to Face: Sachs on Restorative Justice" 2010 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 94-107

Skelton "The Child Justice Bill from a Restorative Justice Perspective"

Skelton A "The Child Justice Bill from a restorative Justice perspective" in Maepa T (red) *Beyond Retribution: Prospects for Restorative Justice in South Africa* (Institute for Security Studies Pretoria 2005) 127-135

Tutu *No future without forgiveness*

Tutu D *No future without forgiveness* (Doubleday New York 1999)

Vaandering "A Window On Relationships"

Vaandering D "A Window on Relationships: Enlarging The Social Discipline Window For A Broader Perspective" in *13th World Conference of the International Institute for Restorative Practices* 1-14 Oktober 2010 Hull

Victorian Parliament Law Reform Committee *Inquiry into alternative dispute resolution and restorative justice*

Victorian Parliament Law Reform Committee *Inquiry into alternative dispute resolution and restorative justice* (Parliamentary Paper No 184 Victorian Government Printer 2009)

Winkel ea 2010 *Acta Criminologica*

Winkel FW ea "Victim-Offender Dialogue: An analogue study examining the impact of apology on anger" 2010 *Acta Criminologica* 1-13

Wolhuter en Russo 2013 *Koers*

Wolhuter CC en Russo C "Dealing with incidents of serious disciplinary problems amongst learners: A comparative study between South Africa and selected countries" 2013 *Koers* 1-11

Wong "Developing Restorative Justice for Juvenile Delinquents in Hong Kong"

Wong DSW "Developing Restorative Justice for Juvenile Delinquents in Hong Kong" in Dreaming of a New Reality *The Third International Conference on Conferencing, Circles and other Restorative Practices* 8-10 August 2002 Minneapolis

Wright "Restorative Justice in Europe and Beyond"

Wright M "Restorative Justice in Europe and Beyond" (Unpublished paper delivered at the European Forum's Conference on Co-operation of Eastern and Central European countries for the development of Restorative Justice and mediation in Poland 21-22 January 2006 Warsaw) 1-16

### *Regspraak*

*Antonie v Governing Body, Settlers High School and Others* 2002 4 SA 738 (K)

*Dikoko v Mokhatla* 2006 6 SA 235 (KH)

*Le Roux and Others v Dey* 2011 3 SA 274 (KH)

*Port-Elizabeth Municipality v Various Others* 2005 1 SA 217 (KH)

*S v Joyce Maluleke and Others* Pretoria High Court 83/04, 13 Junie 2006, ongerapporteer

*S v M* 2007 2 SACR 539 (KH)

*S v Makwanyane and Another* 1995 3 SA 391 (KH)

*S v Williams* 1995 3 SA 632 (KH)

*Schubart Park Residents' Association and Others v City of Tshwane Metropolitan Municipality and Another* 2013 1 SA 323 (KH)

### *Wetgewing*

*Children's Act* 38 van 2005

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996

*Suid-Afrikaanse Skolewet* 84 van 1996

*Wet op Nasionale Onderwysbeleid* 27 van 1996

### *Internasionale instrumente*

United Nations Convention on the Rights of the Child (1989)

### *Internetbronne*

Buckley S en Maxwell G 2007 Respectful Schools: Restorative Practices in Education igps.victoria.ac.nz/events/downloads/Respectful%20schools.pdf [datum van gebruik 19 Julie 2014]

Clark J en Flanagan H 2009 Restorative Approaches in Schools: a Guide for school managers and governors www.restorativesolutions.org.uk [datum van gebruik 12 November 2013]

Corey ML 2013 Moving from Retributive to Restorative Justice in Community Schools https://ssa.uchicago.edu [datum van gebruik 26 Augustus 2013]

Le Grange J 2014 The Truth and Reconciliation Commission in South Africa: Did it fail to Resolve Conflict between South Africans? http://www.ejournalncrp.org/the-truth-and-reconciliation-commission-did-it-fail-to-resolve-conflict-between-south-africans/ [datum van gebruik 17 Oktober 2014]

McCold P 2006 Restorative Justice at the United Nations www.iirp.edu/pdf/beth06_mccold.pdf [datum van gebruik 26 Augustus 2013]

Skelton A 2001 Setting standards for diversion www.cyc-net.org/cyc-online/cycol-0601-skelton.html [datum van gebruik 28 Oktober 2012]

United Nations Office on Drugs and Crime 2006 Handbook on Restorative Justice Programmes www.unodc.org/pdf/criminal-justice/06-56290_Ebook.pdf [datum van gebruik 30 Desember 2013]